IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.10. VOL 68 PG. 3554-3622.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-22

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

68

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 68

(Bladsye 3554 - 3622)

HOF HERVAT OP 22 APRIL 1986.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, v.o.e.

COURT : Are all the accused in court, Mr Bizos.

MR BIZOS : Yes, they are.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Brigadier, ek wil aan u sekere stellings maak. U onthou dat die getuienis was dat vroeg die oggend van die 3de daar versperrings in die pad was van Sharpeville, in Seeisostraat? -- Dit is korrek.

As ek aan u stel dat die versperrings op die pad nie vroeg daardie oggend daar was nie, maar later van 11h00 af wat sal u antwoord wees? -- Toe ek daar deurgery het, daar gewerk het, was dit daar. Ek het dat die tyd net na 06h20 is.

Sê u dat daar versperrings in Seeisostraat was op so 'n manier dat voertuie nie in daardie straat kon beweeg het nie? -- Ja, ek moes oor die sypaadjie ry partykeer.

In watter deel van Seeisostraat was dit en hoe laat toe u op die sypaadjie moes ry? -- Dit was net verby die Administrasieraadskantore en ek het dit dat die tyd ongeveer na 06h20 was.

Ek wil dit ook aan u stel dat daar 'n soortgelyke prentjie was by Boipatong dat vroeg die oggend die pad nie versper was nie, maar wel daarna, vanaf 11h00 en daarna? -- Toe ek die nag in Boipatong gery het, was die pad al versper.

En ek wil dit aan u stel dat die rede hoekom die paaie versper was op die manier wat hulle wel was van die middag van die 3de was omdat die polisie opgetree het teen die mense op die manier wat u beskryf het en wat ek aan u gestel het in verband met Boipatong.

HOF : Word dit beweer dat in Boipatong dit so versper was as gevolg van polisie-optrede of word dit beweer dat in Sharpeville en Boipatong dit versper was as gevolg van polisie-

.../ optrede

optrede?

MNR. BIZOS : Op beide plekke.

HOF : Sharpeville en Boipatong?

MNR. BIZOS : En Boipatong. U sal onthou dat die bewering gemaak is dat mense wat op pad was na die optog met sambokke uitmekaar gejaag is.

HOF: Wat is u antwoord op daardie stelling? Dat die versperrings het eers in die middag plaasgevind na 11h00 die oggend en dat dit is as gevolg van die polisie se optrede? -- Nee, toe ek daar deurgery het was die paaie versper.

MNR. BIZOS : Hoe laat het u gevra vir hulp van buite, vir versterkings? -- Pretoria het self die versterkings gestuur. Ek weet nie of iemand van die kantoor af gebel het nie. Ek het nie gevra nie.

U weet ook nie wie verantwoordelik was vir die versoek vir versterkings nie? -- Nee, ek weet nie.

Of wanneer dit gedoen is nie? -- Nee.

HOF : U weet wel wanneer hulle begin aankom het? -- Ja. 14h00 het die eerste groep aangekom en teen 24h00 daardie nag het die laaste groep aangekom.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Dit is op die 3de? -- Op die 3de.

MNR. BIZOS : Was daar volgens u kennis enige rekord gehou in verband met die verskeie voorvalle wat daar plaasgevind het van die 3de af? -- Ja, daar was rekord gehou by die beheerkamer, operasiekamer waarvandaan alle rapporte ontvang is en rapporte teruggestuur is daarheen.

Wie was in beheer daarvan? -- Op die oggend van die 3de was kaptein Horn daar.

Ek wil net meer duidelikheid kry in verband met die verbod ten aansien van die vergadering van die 9de. Ek dink u het alreeds gesê dat u het nie 'n deel gehad in die aansoek vir

... / die

die verbod van die vergadering nie? -- Ek het nie 'n vergadering daar bygewoon nie. Ek het nie aan die samesprekings deelgeneem nie.

Weet u presies wanneer die besluit geneem is om daardie vergadering te verbied? -- Nee, ek weet nie.

Kan u onthou wanneer u in kennis gestel is dat die betrokke vergadering verbied is? -- Ek kan nie eers onthou dat ek in kennis gestel is of presies wanneer nie. Ek dink dit was op die dag van daardie 9de.

Maar u kan nie sê hoe laat nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Hoe laat het u en u manne opgedaag? -- Dit was kort voor 14h00.

HOF : U bedoel by die kerk?

MNR. BIZOS : By die kerk.

HOF : By die kerk? -- By die kerk, tussen 13h00 en 14h00 as ek reg onthou.

MNR. BIZOS : Kan u onthou hoe lank voor dit u verwittig is dat daardie vergadering verbied is? -- Nee.

Was u of enige van die manne onder u beheer verantwoordelik vir die plaas van kennisgewings in die omgewing? -- Nie ekself nie en ook nie van die manne sover ek weet nie.

Dra u enige kennis of daar enige stappe geneem is om met 'n luidspreker of op enige ander manier die mense in die omgewing van die kerk voor hulle saamgekom het te waarsku dat die vergadering wat gehou sou word om 14h00 verbied is? -- Ek dra geen kennis nie.

Het u alleen die besluit geneem om die mense by die vergadering uiteen te jaag? -- Ek het die besluit geneem.

U het in u hoofgetuienis gesê dat toe mense gevang was wat besig was om klippe te gooi of ander skade aan te rig, dat

... / toe

toe hulle deur u ondervra is, hulle gesê het dat"hulle sê ons moet dit doen"? -- Dit was na die 3de.

As ek u hoofgetuienis goed verstaan het, kon u nooit 'n antwoord kry wie die hulle was nie? -- Korrek.

Kan u vir ons sê min of meer hoeveel mense het van "hulle" gepraat? -- Dit was algemeen. Ek kan nie sê hoeveel nie.

Het u enigeen van die mense deeglik ondervra om te probeer vasstel na wie hulle verwys het? -- Die ondersoeke is oorgedra aan die ondersoekafdeling.

Was daar 'n algemene amper 'n gesegde - ek sal dit in Engels sê - dat dit die "faceless ones" moes gewees het? -- Ek het so 'n afleiding gemaak.

Dat dit miskien mense was wat so te sê ondergronds beweeg het, hulle is nie bekend nie? -- Ja, hulle was nie aan my bekend nie.

Of aan iemand anders? -- Sover ek weet nie.

Het u deelgeneem in die beslissing dat streng voorwaardes - ek is jammer, nie beslissing nie, aanbeveling. Het u deelgeneem in die aanbeveling aan die landdros dat streng voorwaardes geplaas moes word op die begrafnis van die 23ste? -- Ek het nie daaraan deelgeneem nie.

Weet u wanneer daardie landdros se bevel uitgereik is? -- Ek weet nie.

Wat se stappe het u geneem om vas te stel dat die landdros se bevel bekend gemaak was onder die algemene publiek? -- Die veiligheidstak wat die bevel aangevra het, was verantwoordelik vir die afkondiging daarvan.

Het u enige stappe geneem, uself om vas te stel of die voorwaardes wel bekend gemaak was aan die publiek? -- Ek het nie stappe geneem nie.

En u weet ook nie of iemand anders enige stappe geneem

het nie? -- Nee, dit is aan my meegedeel dat hulle wel stappe geneem het, die afdeling verantwoordelik daarvoor.

Die getuienis dat beskuldigde nr. 1 opruiend was, is mos 'n mening, is dit nie? -- Ek het so geoordeel.

U het alreeds vir ons gesê dat u nie kon hoor wat hy gesê het nie en u weet ook nie of hy enige gesprek gevoer het nie? -- Korrek.

HOF : Toespraak?

MNR. BIZOS : Toespraak, jammer. Op die foto's AAU(1) en (2) weet u nie wat hy besig is om te sê of te skreeu nie? -- Nee, ek weet nie.

Sover as wat u weet het hy miskien Amandla geskreeu of Halleluja, u kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie.

Sal u in staat wees om te sê of daar wel enige aankondiging binne-in die kerk gemaak is dat sekere voorwaardes deur die landdros gemaak is in verband met die begrafnis van die 23ste? -- Nee, ek sal nie weet nie.

Ek moet aan u stel dat daar genoeg vervoer was vir al die mense wat daar was en daar was geen mense wat te voet van die kerk af na die begraafplaas gestap het nie? -- Daar was vervoer. Daar was egter nog mense te voet. Hulle het langs die pad aangesluit by die stoet.

Hoeveel mense sou u sê het gestap? -- Dit is moeilik om te sê, daar het baie gehardloop.

Hoeveel? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Hoeveel groepies? -- Daar was verskillende groepe.

Hoe groot was elkeen van die groepies? -- Dit is moeilik om te skat. Daar was heelwat groepies.

Sal u saamstem dat daar busse en huurmotors was wat nie heeltemal vol was nie op pad na die begraafplaas toe? -- Ek het nie so opgelet nie.

... / Is

Is die besluit om mense te arresteer na die begrafnis van die 23ste geneem voor die oorledene begrawe was of daarna? -- Ek het reeds gesê dit was by die kerk geneem al.

Om mense te arresteer? -- Korrek.

En u het, u kan onthou, ontken sekere van die stellings wat ek aan u gemaak het in verband met die manier waarop die arrestasies gedoen is. Kan u dit onthou? -- Ek het, ja.

Ek wil dit aan u stel dat u getuienis in dié verband nie waar was nie en daar is 'n video wat aantoon hoe die mense op pad na die begraafplaas was op die 15de ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die 23ste is u mee besig.

MNR. BIZOS : Ek is jammer, dit is verkeerd.

HOF: Nou spring u rond, is ons nou besig met die begrafnis van die 23ste of met die begrafnis van die 15de?

MNR. BIZOS : Van die 15de.

HOF: Dan sal u dit oor moet stel.

MNR. BIZOS : U kan onthou dat ek aan u gestel het hoe die arrestasies op die 15de plaasgevind het? -- Korrek.

U het sekere stellings ontken. Ek wil dit aan u stel dat daar 'n video beskikbaar is wat aantoon in verband met die gebeurtenis daar en dat u getuienis nie korrek is nie. Ek vra die Hof se verlof om die video te wys.

MNR. JACOBS : Kan ek net vra op watter basis hierdie video geneem is, wie dit geneem het en op watter basis dit toegelaat word? Ons weet nie of dit 'n video van 'n ander plek is of wel van hierdie plek is nie. Gaan die persoon wat dit geneem het self kom getuig.

HOF: Ek begryp dit is 'n video wat geneem is by die begrafnis? Is dit korrek?

MNR. BIZOS : Dit is korrek.

... / HOF

HOF : Gaan u die video bewys?

MNR. BIZOS : Ek dink dat die getuie self sal dit bewys.

HOF : Goed, gaan voort.

MR BIZOS : My Lord, in order to avoid interruptions, may I indicate that the first five minutes is the way to the funeral. The more, what we submit the more relevant aspect that contradicts the witness is after the first five minutes when they are going away from the funeral.

COURT : While we are on this topic, how shall we deal with this video? Do you want the operator here to still work the tape? Do you want everything recorded for it may be a ten minutes' break on the tape?

MR BIZOS : Whilst it is showing I do not think that there is any useful purpose in having the recording on.

COURT : Should you want to put anything on record, you can do it afterwards.

MR BIZOS: Thank you.

MNR. JACOBS : Ek verstaan dit is net 'n tien minute deel wat daarvan gegee word. Die begrafnis was klaarblyklik baie langer as dit. My beswaar was, het ons die versekering dat dit 'n volledige beeld is of is dit uitgesoekte dele? Is dit geredigeer daarna? Mnr. Bizos het dit nie goed gedink om ons in te lig daaroor nie of die Hof in te lig nie, of dit nou grepe is wat net uitgesoek is en as 'n mens die hele perspektief sien, dan is dit miskien 'n ander beeld. Dit mag heeltemal 'n valse beeld in hierdie hof gee omdat grepe uitgesny is wat passend is vir die doel.

HOF : Nee, dit is seker so, maar dan kan die getuie dit seker ook vir ons vertel, want hy was daar.

MNR. JACOBS : Ek maak net die beswaar op hierdie stadium.

... / MR BIZOS

MR BIZOS : I want to correct something that I have told Your Lordship. Your Lordship will recall that I told Your Lordship that the first five minutes was to the funeral and thereafter the way back from the funeral. I want to withdraw that. It was a lack of communication between the attorneys and myself. The evidence is going to be that it is all on the way back away from the cemetry.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : In other words, the suggestion is now that the picture starts on the tarred road and it leads to a dirt road going away from the funeral back towards the city.

MR BIZOS : I did not notice that detail, and I do not want to commit myself on anything else other than it is showing. What I am instructed is that it is on the way back from the funeral after ... (Court intervenes)

COURT: Is it possible to play or reply the first part quickly?

MR BIZOS : Yes, it can be done.

VIDEO WORD VERTOON.

MNR. BIZOS : Brigadier, het u die video gesien saam met ons? -- Korrek.

COURT : Before we continue, should this not be an exhibit?

MR BIZOS : As your Lordship pleases.

COURT : This will be EXHIBIT 27.

ASSESSOR (MR KRÜGEL) : This is the funeral of the 15th?

MR BIZOS : Of the 15th. Stem u saam dat wat u gesien het 'n deel van die gebeure van die begrafnis van die 15de was? -- Dit is korrek.

Stem u saam dat dit aantoon wat gebeur het op pad terug van die begrafnis af? -- 'n Gedeelte daarvan, ja.

Watter gedeelte? -- Die laaste gedeelte.

Kan u onthou wat ek aan u gestel het in verband met die

... / manier

manier waarop lede van die publiek behandel was deur u manne? -- Ek het ook gesê dat ek stem saam dat daar seker oormatige geweld gebruik was.

Stem u saam dat dit blyk dat die polisie wat besig was om mense aan te rand in geen gevaar was van enige klipgooiery? -- Daarmee stem ek nie saam nie. Daar was klippe gegooi.

Daar word nie 'n klipgooiery op die video gewys nie? -- Daar is niks op die video nie.

En toe hulle besig was om die mense met sambokke te slaan en te skop en probeer het om hulle van die dak van die bus af te kry, blyk dit nie dat hulle in enige gevaar van enige skare gewees het nie? -- Daar was klippe gegooi.

Nee, stem u saam dat toe u manne besig was om mense aan te rand op 'n ernstige manier, daar geen gevaar vir hulle was op daardie oomblik nie? -- Soos die beeld wys nie, maar daar was klippe gegooi.

Ek aanvaar dat u het vir die eerste keer nou die video gesien? -- Korrek.

Sal dit maklik vir u wees om u manne wat u sien wat daar op 'n onwettige manier optree te identifiseer? -- Dit is maklik om hulle te identifiseer.

Sal u saamstem dat mense wat teenwoordig was en die prent gesien het sou geen respek vir die polisiebeamptes wat so opgetree het gehad het nie? -- Dit kan so wees.

Het u enige twyfel? -- As hulle slegs die gedeelte sien, ja.

En daar is mense wat daar in die nabyheid gewoon het? -- Daar was mense.

Stem u saam dat u op die video twee keer voorkom? -- Met die luidspreker, ja.

En in u teenwoordigheid daar moes seker bekend gewees het

... / aan

aar u manne? -- Hulle het geweet ek is daar.

Sou hulle miskien gedink het dat alhoewel hulle op 'n onwettige manier opgetree het, hulle kolonel dit sou gekondoneer het? -- Ek weet nie.

Het u enige van die aanrandings wat op die video voorkom daardie dag gesien? -- Ek het reeds getuig dat dit was 'n verwarrende omstandigheid. Ek het gesien wat die mense doen. U sal ook sien ek het met die luidspreker gestaan. Ek onthou dat ek herhaalde geskreeu het "Hou op."

Waarom was dit nodig om dit herhaaldelik te sê? -- Daar was baie lawaai. Ek kon nie weet of die mense my hoor of nie hoor nie.

Het u herhaaldelik geskreeu dat hulle moet stop omdat u heeltemal tevrede was dat die geweld wat gebruik was onnodig was?-- Ek was tevrede dat geen verdere geweld nodig was nie, dat hulle die mense wel beheer kon kry daar.

Gee u toe of nie, dat ten spyte van die video dat u manne daar op 'n onwettige manier opgetree het? -- Ek sal nie sê onwettig nie. Dit was 'n omstandigheid waaronder 'n arrestasie uitgevoer moes word terwyl daar 'n aanval was. Ek het reeds so gesê en ek sal dit weer sê, dat daar tot 'n mate oormatige geweld gebruik en daarom het ek gesê "Hou op."

Volgens u is dit nie onwettig om 'n persoon te skop terwyl hy op die grond lê nie? -- Ek het dit nie gesien daardie dag nie.

Sal u nie saamstem dat dit blyk dat die laaste persoon wat die dag in die bus was onwillig was om van die dak af te spring nie? -- Dit lyk my hy het hom teëgesit.

Hy wou miskien nie van die dak van die bus afspring nie? -- Seker.

Het u gesien dat drie mense probeer het om met een van

... / die

die polisiemanne te praat en hy slaan hulle nie? Hy probeer hoor wat hulle sê en toe daar nog 'n polisieman op die dak kom, het altwee hulle begin slaan? -- Ek het op die video so gesien, ja.

Het u ook gesien dat terwyl 'n persoon in hegtenis van 'n Blankepolisieman is dat 'n Swartpolisieman kom en hom 'n hou toedien waarskynlik vir geen rede in die gesig? -- Ek het dit op die video gesien.

Op die kakebeen. Het u gesien dat iemand met die kolf van 'n geweer geslaan is? -- Nee, ek het nie opgelet nie.

Het u gesien dat iemand oor 'n heining gegooi is? -- Ek het dit gesien, ja.

Wat was die rang van die mense wat u gesien het mense aanrand? -- Ek weet nie. Ek kan nie elkeen daar identifiseer nie.

Kan u vir ons die name van enige van die persone wat besig was om mense aan te rand gee?

HOF : Mnr. Bizos, waar gaan ons nou heen met die kruisverhoor? Wat is die doel van die kruisverhoor? U wou aan die getuie toon dat daar wederregtelike aanrandings is. Die getuie het destyds al toegegee dat die polisie heel moontlik te ver gegaan het. Hoe moet ek aan die hand van hierdie kruisverhoor beslis of daar hoogverraad was of terrorisme en al die dinge waarvoor die mense teregstaan? Waarmee is u besig?

MR BIZOS: My Lord, what I am concerned with is what I indicated to Your Lordship yesterday. The State led this evidence and said that there were hijacked buses and that people were inciting other people to violence. I expect that some of these witnesses, we see a platoon of them outside, may be called. We will not know, unless we know their names, whether they were there or not and that is the purpose of

... / that

that question.

COURT : Nonsense, they would not be called on this funeral. Why should they be called on this funeral? The funeral is entirely irrelevant.

MR BIZOS : Well, if the funeral is irrelevant to Your Lordship's view, then I only have one further question to this witness.

Sal u saamstem dat dit baie moeilik sou gewees het vir enige persoon wat kennis gedra het van so 'n beeld om met die polisie saam te werk? -- Dit kan seker wees.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Brigadier, kan u net vir die Hof sê, u het nou gemeld dat u het op verskillende plekke ondervinding van onlustebeheer gehad. Hoeveel jaar ondervinding het u van onlustebeheer? -- Ek het as jong polisiebeampte gedurende 1969 - 1959, ek herstel net, daarmee kennis gemaak in Windhoek. Dit was 'n enkele reeks voorvalle. Daarna is ek verplaas na Luipaardsvlei as stasiebevelvoerder. Daar het ek by verskeie geleenthede te doene gehad met opstande, stamgevegte tussen myngroepe en ook met enkele gevalle van oproer in Kagiso lokasie self. Ek is later verplaas na Soweto toe waar ek 7½ jaar gedien het en die Soweto onlus van begin tot end deurgemaak het. Ek is na 1976 terug verplaas na Krugersdorp en sedert 1980 is ek - as ek my datum korrek het - in beheer van die onluseenheid van Krugersdorp. Ek het verskillende mynonluste en stakings hanteer in hierdie tyd en ook 'n hele reeks opstootjies met herdenkings daaroor. 16 Junie in Krugersdorp sowel as in die Vaal Driehoek en dan was ek natuurlik van begin tot einde betrokke in die Vaal Driehoek onluste sedert die nag van 2 September.

Hoe lank was u in bevel van die onluste-eenheid? -- Sedert 1980.

En wat is u huidige pligte? -- Ek is tans verbonde aan

... / die

die afdeling mannekrag en opleiding SA Polisie Hoofkantoor. Ek gee opleiding.

In watter veld? -- My vakgebied is polisiekunde.

Is onluste-beheer deel daarvan? -- Ek gee ook lesings betreffende die regstoepassing in onlustesituasies.

Die ander aspek, die vergadering van die 19de, u het hier vir die Hof gesê - ekskuus tog 9 September, die een blykbaar wat uiteen gejaag is? -- Korrek, ek het dit in herinnering.

U het in u getuienis toe mnr. Bizos u gekruisvra het gesê dat die gedrag van die skare was opruiend voordat u hulle uiteen gejaag het, maar u het nie vir ons gesê wat bedoel u met opruiend nie? -- Dit was maar die gewone slagspreuke skreeu, Swartmagtekens gee soos wat u dit hier op die film waargeneem het.

Ek wil dit net duidelik kry, u antwoord kry op die vergadering van die 23ste, hoewel dit nie relevant is nie, maar u het tog gesê dat die vader van die oorledene ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter vergadering is u nou by?

MNR. JACOBS : Die begrafnis van die 23ste.

HOF : Sithole se begrafnis?

MNR. JACOBS : Sithole se begrafnis. U het gesê dat die vader van die oorledene in daardie geval, mnr. Sithole, nie tevrede was met die geaardheid van die begrafnis nie. Hoekom het u daardie stelling gemaak? -- Die vader van die oorledene het iemand aan my uitgewys, ek kan nie meer in herinnering roep deur wie nie, hy het heeltemalbuite die kerk in die straat gestaan. Ek het toe met hom gepraat en hy het vir my gesê nee, hy kan nie aan hierdie begrafnis deel hê nie, hy is baie jammer, maar hy staan maar daar rond.

... / HOF

HOF : Was dit terwyl die diens in die kerk aan die gang was? — Terwyl die diens in die kerk aan die gang was.

MNR. JACOBS : Dan het u gesê toe die verslag van die Van der Walt Kommissie aan u gestel was op paragraaf 5, u weet van Free Zones? Wat bedoel u met daardie antwoord? Dit is op bladsy 33 paragraaf 5.

HOF : Dit is BEWYSSTUK AAQ(34).

MNR. JACOBS : Dit is paragraaf 5 begin met "Objection may be raised." Toe dit aan u gelees was, was u antwoord gewees "Ek stem nie heeltemal saam nie. Dit mag werk en dit mag nie werk nie. Ons weet van 'free zones'." Kan u vir ons sê wat is Free Zones? Wat beteken dit?

HOF: Het die getuie dit nie verduidelik nie? ŉ Gebied wat deur die comrades oorgeneem word, maar u kan daarop uitbrei as u wil. — Dit is so, sover my kennis strek ŉ gebied wat dan oorgeneem word en ek het ook kennis geneem dat hulle dan by die inwoners van daardie gebied sekere kollektes doen. Dit wil daarop neerkom dat die mense dan die regering vorm vir daardie gebied.

As ŉ mens dan nou net duidelikheid kan kry. Kom ons begin met die comrades. Wie is die comrades wat dit dan oorneem? — Dit is ŉ groep jong Swartpersone.

MR BIZOS : I asked him whether there were free zones in the Vaal Triangle and he said no. I do not know whether we are now going to extend the inquiry and that when we have to show that something may have happened in the Eastern Cape as a result of something else happening, that I am merely indicating that My Learned Friend is again extending the nature ofthe inquiry and I may have to deal with that with respect. I submit with the greatest respect to the State that we find ourselves and we have found ourselves in the

last three months where evidence on the widest possible basis is led, where a considerable time is taken up and expense when investigating, we cross- examine and then we come to a situation where it is said "Well, it is not really relevant." I would appeal to the State not to try and extend the situation in such a way that we have to investigate andthen when we show that it is not precisely as the State had suggested to be told that it is no longer relevant.

MNR. JACOBS : Deur My Geleerde Vriend was hierdie vraag aan die getuie gestel gewees. Die getuie het 'n antwoord daar gegee omtrent "free zones" wat 'n antwoord was op die opinie van professor Van der Walt. Ek probeer net duidelikheid kry oor wat hy het omtrent die "free zones".

HOF : Hy het nou vir ons vertel wat is 'n "fre zone". As u nou gaan begin en vir ons vertel waar almal "free zones" is en nie is nie, skep u hier 'n debatspunt wat vir ons weke kan besig hou.

MNR. JACOBS : Kan ek dan net met verlof van die hof die een vraag so vra, dat gebiede oorgeneem word. Ek weet nie presies waarna hy verwys met oorgeneem nie.

HOF : Wel, hy het gesê die mense vorm die "regering"vir die gebied. Hulle hou ook kollektes by die inwoners.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit daar laat.

HOF : U het vir ons vertel van raadslid Dhlamini wie se huis aangeval is. -- Ja.

Was raadslid Dhlamini se huis in Sebokeng of in Sharpeville? -- In Sharpeville.

Weet u of daar die vorige aand enige aanval was? -- Ek weet nie.

Weet u of daar 'n aanval op iemand anders was die vorige aand? -- Ek dink ek het verslag ontvang dat daar die vorige

... / aand

aand aanvalle was.

Op wie? -- Maar ek weet nie op wie nie. Ek het nie daarop ingegaan nie.

Dit is nou die aand van die 2de? -- Ja, die nag van die 2de tot die 3de.

As u sê dat u verslae ontvang het dat die aand van die 2de daar aanvalle was waarop u nie ingegaan het nie, was dit aanvalle op watter soort mense? -- Ek kan my herinner dat daar reeds op die aand aan die 2de op raadslede se huise aanvalle was, as ek die verslae korrek kan terugroep en dat daar ook by 'n biersaal aanvalle was.

Was dit in Sharpeville of in Sebokeng of elders? -- In Bophelong en ek dink een voorval in Sharpeville.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : U sê dat u persoonlik met die pa van wyle Sithole gepraat het? -- Met die persoon wat aan my uitgewys was as sy vader.

Deur wie? -- Ek kan nie onthou nie.

Het die persoon gesê "Ek is die vader van Sithole"? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

So, u kan nie aan die Hof enige versekering gee dat u wel met die vader van Sithole gepraat het nie? -- Nee, ek het hom nie gevra wie hy was nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : U Edele, die volgende getuie is dan Ettiene Rudolf Coetzee.

ETTIENE RUDOLF COETZEE, v.o.e.

MNR. JACOBS : Die getuie gaan ook getuig oor daad 77 en oor die algemeen polisie-optrede ook daarso.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n adjudant-offisier verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie, Vanderbijlpark?

... / Dit

-- Dit is korrek.

Op 2 September 1984 was u op bystand geplaas te Vanderbijlpark? -- Dit is korrek.

HOF : Was u 'n uniformpolisie of in die speurtak? -- Ons was van die onluste-eenheid gewees.

MNR. JACOBS : Dieselfde datum, op 2 September 1984 terwyl u in Vanderbijlpark was, het u 'n opdrag gekry of 'n berig ontvang en 'n opdrag gekry? -- Dit is korrek.

Waarheen is u toe? -- Ons het vertrek na Bophelong Swartwoongebied.

Hoe laat was dit gewees? -- 19h30 - ongeveer 19h30.

En op pad waarheen was u toe? -- Ons was op pad na die drankwinkel te Bophelong Swartwoongebied.

Waarmee en hoe het u beweeg na die drankwinkel in Bophelong? -- Ons het beweeg met 'n Landrover voertuig met die hoofstraat af. Die drankwinkel is geleë in die hoofstraat van Bophelong.

Soos u beweeg het na die drankwinkel toe in die hoofstraat, wat het u teëgekom? -- Die strate was op daardie stadium vol brandende motorbande, asblikke wat omgekeer is in die strate en daar was ook 'n boom wat hulle afgekap het - wat aan die linkerkant van die pad gestaan het wat hulle afgekap het wat dwarsoor die pad gelê het.

HOF : Is die hoofstraat 'n teerstraat? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Nog iets? -- Toe het ons gery tot by die drankwinkel. Ons het nie vinnig beweeg nie. Ons het maar om die versperrings beweeg en voor die drankwinkel stilgehou.

Terwyl julle beweeg het in hierdie straat na die drankwinkel toe, het u mense teëgekom of opgemerk? -- Dit is korrek.

Wat se mense het julle teëgekom? -- Dit was verskeie mense wat gegroepeer het in die strate weerskante van die

... / strate

strate. Ek het ook dadelik opgemerk dat hulle ingebreek het by die betrokke drankwinkel.

HOF: Die mense wat langs die strate gestaan het in groepies, was dit toeskouers of het hulle iets meer gedoen as dat hulle toeskouers was? -- Met ons aankoms in die straat af, omdat ons stadig beweeg het tussen die versperrings deur, het die mense op ons geskreeu en ons met klippe aangeval van verskeie rigtings af.

MNR. JACOBS : Wat het hulle vir u geskreeu? -- Hulle het verskeie slagspreuke geskreeu, soos Viva Mandela, Viva ANC, uitgeskel.

Hoe uitgeskel? -- Hulle het gesê ons is hindyas, ons is honde. Daar was toe op daardie stadium ook 'n groep by die drankwinkel en toe hulle die polisievoertuig sien, het hulle in verskeie rigtings begin hardloop, vanaf die perseel van die drankwinkel af.

Was dit donker daar by die drankwinkel? -- Dit is korrek.

HOF : Hoe laat het u daar aangekom? -- Dit was ongeveer 19h30, so plus-minus 19h45 was ons daar gewees.

En die drankwinkel, is dit 'n drankwinkel van die Ontwikkelingsraad? -- Korrek.

MNR. JACOBS : Hoe groot was die groep omtrent? -- Plus-minus vyftig na honderd toe. Toe het ons reg voor die drankwinkel stilgehou en van hulle het weggehardloop. Toe het ons vasgestel dat daar nog van hulle in die winkel was wat ons gearresteer het binne-in die drankwinkel. Binne-in die drankwinkel het ons nog van die mense gekry besig om die plek te plunder.

HOF: As u praat van hulle, was dit mans, vrouens, kinders?-- Beide geslagte.

Is dit nou ook wat u in die drankwinkel gekry het? -- Dit is korrek.

... / Beide

Beide geslagte? -- Korrek.

Oueriges, jongeriges? -- Daar was 'n paar ou hande by gewees. By die wat ons gearresteer het, was daar Swartvrouens onder hulle gewees.

MNR. JACOBS : Van watter ouderdomme? Kan u miskien vir ons 'n skatting gee? -- Ek sal skat hier van 30 jaar en ouer.

HCF : Was daar niemand jonger as 30 jaar nie? Van die wat u gearresteer het? -- Nee.

En van die groepies wat u gemolesteer het? -- Daar was heelwat jeugdiges betrokke.

MNR. JACOBS : Hoeveel mense het u daar gearresteer? -- Ek is nie 100% seker nie. Ons het hulle aangekla daar. Ek dink amper dit is sewe wat ons aangekla het wat ons binne-in die drankwinkel gekry het.

Terwyl u daar by die bottelstoor besig was, het daar iets gebeur daar?-- Terwyl ons besig was met ons ondersoek daar op die toneel het hulle ons aangeval met klippe van alle rigtings af.

Kon u sien of was dit donker? -- Van agter die huise af het hulle ons met klippe aangeval.

Uit die donkerte? -- Dit is korrek.

Wat het u toe gedoen? -- Ons het toe 37mm gaspatrone asook rubberkoeëls gebruik om die mense daar uiteen te kry.

Is dit in die donker in geskiet? -- Dit is korrek. Daar na die huise toe. Dit is op 'n straathoek. Terwyl ons besig was daar het hulle van die huise af na 'n kant toe beweeg vanwaar ons gestaan het reg voor die drankwinkel.

Verstaan ek dan reg, die mense wat eers van agter die huise met klippe gegooi het, het toe uitbeweeg? -- Het toe nader beweeg. Dit is korrek.

Hoeveel was hulle gewees? -- Daar was ongeveer tussen

... / vyftig

vyftig tot honderd, na tweehonderd maklik.

Wat het u toe gedoen nadat u die mense daar uitmekaar gejaag het en die ander gearresteer het?-- Van die honde-eenheid se mense was op daardie stadium ook besig met patrollie daar. Toe was hulle voertuig ook aangeval deur die mense waarop hulle toe gevuur het met 'n 37mm rubberpatroon.

Was u daar teenwoordig of nie? -- Dit was reg oorkant. Ons was by die biersaal en die voertuig het in die straat afbeweeg reg voor ons. Toe het hy op die mense gevuur daar en een persoon noodlottig getref.

Waarmee het hulle hom getref? -- Met 'n 37mm rubberpatroon. Terwyl ons toe nou besig was daar by die skietvoorval, het ons 'n radiorapport ontvang van ene mnr. Schlebusch, inspekteur van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad. Hy was op diens by Bophelong Gemeenskapsaal. Hy was daar gepos om die gebou op te pas. Hy het 'n rapport aan my gemaak dat hy aangeval word by Bophelong saal. Hy het ook aan my meegedeel dat hy op die mense gevuur het met sy amptelike pistool. Ek het hom toe beveel om daar na ons punt toe te beweeg omdat dit nie ver van ons af was waar die voorval plaasgevind het nie, waarop hy toe na ons rigting beweeg het.

<u>HOF</u> : Het hy tot by julle gekom? -- Dit is korrek. Met sy voertuig het hy na ons toe beweeg. Hy het toe die situasie daar aan ons verduidelik en op daardie stadium was brigadier Viljoen ook op die toneel en mnr. Schlebusch het toe aan hom die omstandighede verduidelik. Terwyl ons daar besig was het ons 'n rapport ontvang dat daar 'n sekere huis aangeval word met klippe ook in Bophelong.

Wie se huis? -- Dit is onbekend aan my wie se huis dit was.

<u>MNR. JACOBS</u> : Het u toe vertrek van daardie toneel na hierdie

... / huis

huis? -- Dit is korrek. Ons het toe na die huis gaan soek en op pad soontoe het my voertuig onklaar geraak. Dit was toe ongeveer reg oor die gemeenskapsaal in Bophelong. 'n Groot groep Swartes het toe van die biersaal se kant af uit die donkerte na ons voertuig toe aangekom, plus-minus drie-na vierhonderd Swartes.

Hoe laat was dit ongeveer? -- So 01h00 die oggend.

Die oggend van?-- Die derde.

<u>HOF</u> : Hulle het na u gekom uit die rigting van die biersaal? -- Van die gemeenskapsaal.

En toe? -- Omdat ons op daardie stadium net twee persone in die voertuig was, het ons uit die voertuig geklim. Ek het dadelik gesien hierdie mense gaan vir ons doodmaak in die voertuig en ons het toe uit die voertuig geklim en op hulle gevuur met gaspatrone asook rubberpatrone

Hoekom het u gedink hulle sal u doodmaak? -- Want my voertuig staan gestrand en die mense kom aan en hulle skreeu en hulle fluit en hulle raas. Hulle storm op ons af.

Wat het u toe gebruik? 'n Gaspistool? -- Ons het verskeie gaspatrone afgevuur asook rubberpatrone op die skare.

<u>MNR. JACOBS</u> : U sê hulle het geskreeu. Kon u agterkom wat hulle skreeu? -- Dit is dieselfde wat hulle vir ons geskreeu het met ons aankoms daar. Viva Oliver Thambo, Viva Mandela. Hulle het gesê ons is honde, ons moet uit die gebied gee pad. Ons het toe daarin geslaag om die mense verder weg te dryf met die gaspatrone asook die rubberpatrone. Ek het toe radiokontak gemaak en vir 'n ander patrolliervoertuig gevra om ons daar uit die plek uit te kom wegstoot. Hulle het ons toe daarvanaf teruggestoot na die biersaal toe.

Het hulle opgedaag? -- Daar het hulp opgedaag. Dit is korrek.

... / U

U sê hulle het julle gestoot terug na die biersaal toe? -- Dit is korrek. Daar het ons die voertuig herstel. Die voertuig se vonkverdeler, soos 'n mens in Engels sê, die "distributor" het ingegee. Ons moes toe 'n ander voertuig terug na ons kantore toe stuur om die hele ding te bring en dit het ons vervang daarso.

Hoe laat was dit toe ongeveer toe julle nou klaar die voertuig herstel het? -- Dit is na 01h00.

Die oggend van 3 September? -- Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ETTIENE RUDOLF COETZEE, nog onder eed

MNR. JACOBS : U Edele, mnr. Bizos het my gevra om u net in te lig, dat beskuldigde nr. 14 is weer na die dokter toe. Hy versoek dat ons voortgaan in sy afwesigheid?

HOF : Ons gaan voort in sy afwesigheid.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Coetzee, voor die verdaging het ons gekom waar u gesê het dit was na 01h00 toe die voertuig herstel was. -- Korrek.

Nadat die voertuig herstel is, wat het u toe gedoen? -- Toe het ons beweeg vanaf Bophelong Swartwoongebied na Sharpeville.

Was u toe op pad na Sharpeville polisiestasie toe? -- Dit is korrek.

En sover as wat u beweeg het, het u enigiets in die paaie opgemerk?-- Dit is korrek. Die strate was toegepak met asdromme.

HOF : Is dit nou in Bophelong of in Sharpeville? -- In Sharpeville. Brandende bande, voertuie.

MNR. JACOBS : Is dit nou brandende voertuie of net voertuie? -- Dit was 'n voertuig.

... / Voertuigwrakke

Voertuigwrakke? -- Voertuigwrakke wat gebrand het.

HOF : Wat nog brand? -- Dit is korrek. Ons het ook op 'n huis afgekom waar die veiligheidstak se mense reeds op die toneel was wat ons toe daar voorgekeer het. Die voertuig van die eienaar van die huis was alreeds voor die huis aan die brand gewees sowel as die huis.

MNR. JACOBS : Weet u wie se huis dit is? -- As ek reg onthou was dit die huis van 'n lid van die veiligheidstak gewees.

'n Polisieman se huis? -- Dit is korrek.

HOF : Dit was in Sharpeville? -- Dit is korrek.

Hoe laat was dit? -- Dit was net na 01h00 gewees. Dit is ongeveer vyftien minute se ry vanaf Bophelong Sharpeville toe.

Sê omtrent 01h15? -- Omtrent 01h15.

MNR. JACOBS : Wat het daar gebeur? -- Daar het hulle vir ons gevra om vir hulle bystand te gee terwyl die brandweer van die Ontwikkelingsraad die brand geblus het by die betrokke huis.

Het julle bystand verleen? -- Dit is korrek.

Behalwe dat julle en die polisie en die brandweer daar was, was daar ander mense ook teenwoordig? -- Daar was omstaanders van die naburige huise wat daar gestaan het en gekyk het hoe die brand geblus word. Ons is toe daarvandaan af, nadat die brand geblus is na Sharpeville polisiestasie toe.

Hoe laat het julle by die polisiestasie arriveer? -- Seker hier by 03h00 se kant. Dit kan later ook wees.

Maar was dit nog in die nag? -- Dit was nog nag gewees. Dit is korrek. Daar het ons toe vas gestaan by die polisiestasie en was op bystand by Sharpeville polisiestasie. 09h00 die oggend het ons 'n berig ontvang dat die huis van raadslid Dhlamini. Daar het toe van die voertuie aandag gaan gee aan

... / die

die betrokke klagte. As ek kan reg onthou om 10h00 het ons weer 'n berig ontvang. Toe het ek self na die toneel toe beweeg.

HOF : Is dit 'n berig oor dieselfde persoon en huis? -- Dit is korrek, oor dieselfde persoon. Met ons aankoms daar ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Waar was die huis geleë? -- In Sharpeville. Dit was ongeveer twee blokke vanaf die polisiestasie in 'n oostelike rigting.

Is dit die huis van raadslid Dhlamini? -- Dit is korrek.

Wat vind u toe u daar aankom? -- Met ons aankoms daar was die huis alreeds in vlamme gehul, 'n voertuig het voor die huis by die motorhek op sy sy gelê, ook aan die brand. Aan die agterkant van die voertuig het 'n lyk van 'n Swartpersoon gelê wat ook brand.

Wie se liggaam was dit wat daar gebrand het? -- Ek neem aan dit was raadslid Dhlamini se liggaam. Ek het nie definitief geweet dat dit wel hy is nie.

Het u dit later vasgestel? -- Dit is korrek. Toe die ondersoekspan op die toneel gekom het, het ons vasgestel dat dit wel raadslid Dhlamini was. Die ondersoekspan is gekontak wat ook die toneel kom besoek het. Terwyl ons besig was op die toneel om beskerming aan die ondersoekspan te verleen is ons gekonfronteer deur ongeveer vier- na vyfhonderd Swartes van beide geslagte wat beweeg het vanaf die rigting van die polisiestasie na waar ons gestaan het.

Waar het u gestaan? -- In die teerstraat.

Voor die huis? -- Voor die huis. Skuins oorkant die huis, want die huis is amper op 'n hoek. Hy is die tweede of die derde huis van die hoek af en daar loop 'n straat en die ondersoekspan was besig by die huis. Die mense was gewapen met asblikdeksels, stokke. Hulle het ons daar

... / gekonfronteer

gekonfronteer in die straat en ons het daar weer traanrook gebruik.

Laat ons net duidelikheid kry. As jy sê hulle het julle gekonfronteer, beskryf vir ons hoe het hulle dit gedoen? -- Aangeval met klippe en soos hulle aangekom het na ons, in ons rigting beweeg het, het hulle van die systrate by die groep aangesluit. Hulle was ongeveer 50 meter van ons af. Daar is op ons geskreeu. Ook weer Viva Oliver Thambo, Viva ANC met die vuis in die lug.

Toe hulle klippe na u toe gegooi het, het hulle u raakgegooi? -- Een van ons lede het hulle teen die knie gegooi. Ons het toe opgetree met gaspatrone sowel as rubberpatrone wat hulle afgekeer het met die asblikdeksels.

U sê hulle keer die rubberpatrone af met asblikdeksels? -- Dit is korrek. Hy gebruik hom as 'n skild. Ons het toe
K214 oorgegaan om nr. 5 hael te gebruik op die skare.

Is dit wat algemeen bekend is as donshael? -- Dit is korrek. Daarmee het ons hulle so soort van teruggedryf. Hulle het teruggegaan toe hulle sien ons gebruik die haelgewere. Hulle het toe in groepe opgebreek en toe het hulle in die huise verdwyn.

As die groepe so aangekom het, kon u opmerk of daar leiersfigure onder hulle was of leiersgroepe? -- Dit is korrek. Daar was van hierdie mense met die geel T-hemde.

HOF : Is dit nou leiers? -- Dit is korrek, wat die mense aangepor het.

MNR. JACOBS : Weet u wat op die geel T-hemde gestaan het? -- UDF en dan die wit T-hemde met die swart voor die bors van die COSAS beweging.

HOF : Wat is op die bors? -- Voor op die bors staan die woorde COSAS.

... / Het

Het die leiers geel T-hemde gehad? -- Daar was van hulle met geel T-hemde sowel as wit T-hemde.

Al die leiers of van die leiers? -- Van die leiers. Daar is ook van hulle wat met die asblikdeksels gestaan en dans het daar voor die skare.

Met T-hemde of sonder T-hemde? -- Met T-hemde.

MNR. JACOBS : U sê hulle het die mense aangepor. Kan u vir ons beskryf hoe? -- Soos ek netnou vir u gesê het deur die slagspreuke wat geskreeu het en dan het hulle vir die mense gesê "Kom vorentoe", wat hulle nader aan ons beweeg het. Hulle het ook daar vir ons geskreeu "If pigs can fly, then Jan Smuts Airport must be John Vorster Square." Nadat ons opgetree het met die nr. 5 hael het die skare opgebreek en tussen die huise in verdwyn.

Ja en toe? -- Toe het die lykswa in die ondertussen gekom en die ondersoekspan was reeds klaar met hulle ondersoek op die betrokke toneel. Daar was toe nog maar sporadiese klipgooiery na ons tot met ons vertrek vanaf die toneel.

Hoe 'n groot groep was julle wat beskerming verleen het daar aan die ondersoekspan? -- Ons was vier voertuie daar met twee manne op elke voertuig.

U het toe nou daar klaargemaak. Waarheen is u toe? -- Toe het ons die lykswa uitbegelei uit Sharpeville uit tot in die grootpad na Vereeniging toe.

En daarna het u 'n opdrag gekry? -- Daarna het ons 'n opdrag gekry per radio om na Sebokeng te vertrek, Evaton. Ons het toe vanaf Sharpeville vertrek na Sebokeng.

HOF : Hoe laat was dit? -- Die horlosies se tye daarso - ons het so heen en weer gery.

Nee, was dit in die oggend of in die middag? -- Dit was in die middag. Ons het in Sebokeng inbeweeg en ons het ook

... / gevind

gevind dat die paaie in die hoofstraat toegepak is. Ons moes met die hoofstraat deurbeweeg in die rigting van Evaton.

Was dit net die hoofstraat wat toegepak is? -- Ons het toe beweeg na die hoofstraat deur Gebied 11 en 12 waar die strate toe op daardie stadium reeds alles toegepak was met doringdrade - daar was versperrings opgerig met doringdrade, bande wat brand asook verskeie voertuie wat op daardie stadium in die strate gestaan en brand het.

MNR. JACOBS : U sê u het beweeg op pad na Evaton toe met hierdie hoofstraat langs? -- Dit is korrek.

Wat het gebeur soos u daar beweeg het deur hierdie straat? -- Veral by die poskantoor, deur verskeie groepies wat langs die pad was op daardie stadium was ons gevloek en uitgeskel. Ons was ook met klippe gegooi, maar ons het nie veel aandag daaraan gegee nie, omdat ons beweeg het na Evaton waar mense ons hulp verlang het by Liphoko se drankwinkel.

Wie is Liphoko? -- Dit is 'n raadslid en op dieselfde perseel het hy ook 'n besigheid. Daar was 'n patrollie daarso wat laat weet het dat hulle probleme daar het.

HOF : Dit is in Evaton? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Wat gebeur toe? -- Ons het afbeweeg in Adams Road na Liphoko se drankwinkel toe, want die drankwinkel is in Adams Road geleë.

HOF : Adams Road is ook in Evaton? -- Dit is korrek. Dit is die hoofstraat van Evaton, Adams Road. Daar het ons verskeie padversperrings in die paaie opgemerk. Daar is 'n drankwinkel geleë. Hulle het die veiligheidshekke van die drankwinkel afgebreek en versperrings met die goed opgerig in die pad.

Is dit die drankwinkel van mnr Liphoko of van iemand anders? -- Nee, daar is twee in daardie straat. Dit is 'n

... / drankwinkel

drankwinkel wat aan die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad behoort. Daar moes ons ook stadig beweeg om om die padversperrings te gaan omdat dit te gevaarlik was om stil te hou en die ding uit die pad te trek.

Hoekom was dit gevaarlik om stil te hou? -- Die strate was op daardie stadium vol mense. Hulle het ook ons voertuig aangeval met 'n petrolbom. Ons moes om die padversperring ry en toe is ons aangeval deur 'n petrolbom. Die petrolbom het die voertuig aan die kant agter van die kajuit getref en die verf so swart gebrand aan die agterkant.

MNR. JACOBS : Toe die petrolbom die voertuig tref, het dit aan die brand geslaan? -- Dit is korrek.

En die voertuig het gebrand. Wat gebeur toe? -- Die voertuig wat agter my was het dit gesien gebeur en hy het my per radio gekontak. Toe het ek spoed verminder waarop die persoon in die voertuig agter ons stilgehou het en die persoon gedood het wat die petrolbom na ons gegooi het. Hy het op hom gevuur.

Was hy getref gewees? -- Hy was getref.

Noodlottig? -- Dit is korrek.

Wat was die optrede van die skare daar in die omgewing? -- Nadat ons met skerp ammunisie daar opgetree het, het hulle uitmekaar uit beweeg.

Voor dit, was daar ook weer 'n skreeuery? -- Skreeuery.

Wat se geskreeuery? -- Dieselfde storie oor en oor van "Uit hier julle honde. Viva Oliver Thambo, Viva die ANC."

Het julle toe verder daarvandaan beweeg na Liphoko se huis toe? -- Dit is korrek. Daar het ons van die ander patrollie wat ons soontoe laat kom het aangetref. Met ons aankoms daar was daar reeds van ons mense wat beseer is deur klippe en terwyl ons daar op die toneel was, is ons

weer gekonfronteer deur 'n skare van plus-minus ses- na sewe-honderd toe, wat gewapen was met klippe, asblikdeksels, skerpgemaakte ysters.

Wat het die mense gedoen? -- Hulle het ons aangeval met klippe al na ons kant toe, na Liphoko se drankwinkel, want ons het reg voor die drankwinkel gestaan.

HOF : Was die huis en drankwinkel al beskadig of nog nie? -- 'n Stukkie van die winkelkompleks was gebrand en die huis was alreeds beskadig deur klippe. Daar is toe opgetree met skerp ammunisie, waarop die skare uiteen gegaan het.

MNR. JACOBS : Was persone toe daar getref? -- Daar was persone getref.

Hoeveel? -- Dit is onbekend aan my om te sê, maar soos hy val, so dra hulle hom weg.

Kan u net vir ons sê hierdie skare hierso, hoe was hulle optrede anders? Het hulle ook slagspreukeen goed geskreeu? -- Dit is reg.

Wat se slagspreuke? -- Ook die Viva ANC, Viva Oliver Thambo, ons is hindyas. Ons soek nie die boere nie.

En Liphoko self? U sê sy huis was beskadig en sy winkel was al gedeeltelik gebrand? Het u hom daar gesien? -- Nie op daardie stadium nie.

Op 'n later stadium? -- Dit was later die dag of ek dink 'n dag daarna was ek weer daar op sy perseel gewees. Ek dink dit was 'n dag daarna. Ek is nie 100% seker nie.

Terwyl u daar op die toneel was en hierdie aanvalle afgeweer het, wat gebeur toe? -- Toe het ons 'n radioberig ontvang dat Quality Stores geleë in Unionweg, Evaton aan die brand was en ons het toe dadelik soontoe vertrek.

HOF : Hoe laat was dit? -- Dit was hier in die laat namiddag gewees.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Met watter pad het u beweeg? -- Ons het met Thogo Road, vanaf Adams Road met Thogo Road beweeg, want hy maak 'n T-aansluiting met Union Road. Met ons aankoms by die betrokke winkelkompleks was hy in ligte laaie en ons kon nie die brand keer daar nie.

U sê dit is 'n winkelkompleks daardie? -- Dit is korrek. Dit is twee of drie winkeltjies daar langs mekaar. Van die vyftig na ongeveer honderd mense het daar verskeie persone van die gebou af weggehardloop met goed wat hulle uit die gebou uit gestroop het, soos meelsakke en sigarette en klerasie wat hulle binne-in die winkel geplunder het. Hulle het daarmee weggehardloop met ons aankoms daar. Daarna het ons weer 'n berig per radio ontvang dat die Evaton drankwinkel geleë in dieselfde straat ook aan die brand was en ons het vertrek na die toneel. Met ons aankoms daar was hulle besig om die betrokke drankwinkel te plunder. Daar was plus-minus twee- na driehonderd mense betrokke by die drankwinkel.

Die aand van die 3de, het dinge toe 'n bietjie stiller geword?-- Dit is korrek.

HOF : Vanaf hoe laat die aand? -- Van daardie drankwinkel af is ons na die lykshuis toe in Sebokeng en daar het ons vas gestaan.

MNR. JACOBS : Hoe laat omtrent? -- Met ons aankoms daar was dit al sterk skemer.

By? -- By Sebokeng polisiestasie by die lykshuis. Aan die agterkant is daar 'n groot oop stuk. Ons het daar bymekaar gekom. Daar het ons toe vasgestaan tot hier in die oggendure van die 4de, waarop ons 'n berig ontvang het dat die Fundulwazi Skool in Selborneweg ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar is Selborneweg? -- Ook te Evaton.

Hoe laat was dit? -- Dit was hier oggendure gewees.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Ongeveer? -- Dit was ongeveer hier na 01h00 gewees. Na 24h00, voor 01h00 in daardie omtrek.

Ja? -- Ons het toe daarheen beweeg en met ons aankoms daar het ek gemerk dat die hele administratiewe deel van hierdie skool aan die brand was. Op daardie stadium was daar geen persone in die strate of rondom die betrokke skool nie. Ons het toe daar by gestaan tot die brand geblus was deur die brandweer van die Ontwikkelingsraad.

Die 4de, was die optredes daar net so fel soos in die vorige dag of was dit nou meer sporadies gewees? -- Dit was meer sporadies gewees. Ons het toe op daardie stadium met gewone patrollies aangegaan in die hele gebied.

MNR. BIZOS VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ETTIENE RUDOLF COETZEE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Coetzee, Bophelong is dit aan die westekant van Sharpeville? -- Dit is korrek.

Kan u vir Sy Edele sê min of meer hoe ver dit van Sharpeville af is? -- Padlangs ongeveer 8 kilometer - 8 na 10 kilometer.

HOF : Werk u van die buitekant van Bophelong na die buitekant van Sharpeville? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : En die polisiestasie in Sharpeville, aan watter kant van Sharpeville is dit? -- Ek sou sê aan die noordekant.

Noord/westelike kant? -- Ja.

Kan u onthou op watter pad u gery het die aand van die 2de toe u van Bophelong weg is en na die Sharpeville polisiestasie toe gegaan het? -- Ek het beweeg op die hoofroete vanaf Bophelong op die Goue Hoofweg tot met die aansluiting van die Vanderbijl/Bloemfontein-pad.

... / Vir

Vir hoe lank moet u binne Sharpeville self ry voor u by die polisiestasie is? -- Ag, dit is baie gou. Met die pad wat ek gery het kom jy in by die Viljoensdrift T-aansluiting. Daar is 'n robot. Daar draai ek links. Dan is ek outomaties binne-in Sharpeville. Dit is omtrent 3 kilo's van die polisiestasie af.

As u na die polisiestasie gaan, moes u binne Sharpeville ry waar huise is of is dit langs die Pick 'n Pay waar nie mense woon nie? -- Nee, ek het met die Pick 'n Pay pad reg in Sharpeville inbeweeg. Die volgende straat is ook 'n teerstraat. Daar het ek links gedraai. Dit is die hoofbusroete. Dit is 'n teerstraat. Hy loop reg om na die sirkel toe en net langs die sirkel is die polisiestasie.

Was enige deel van daardie roete met enigiets versper? -- Dit is korrek.

Deur wat?-- Daar was karre wat gebrand het asook die hele straat was toegepak met asdromme. Reg oorkant die winkelkompleks was doringdraad gespan gewees oor die pad. Ons moes om daardie versperring beweeg polisiestasie toe.

Sou u sê, as ons dit so kan noem, was dit die Bophelong se kant van Sharpeville wat so was? -- Boipatong se kant. Boipatong lê reg langs Sharpeville en dan is dit die Yskorgebied en dan kry jy Bophelong.

Bophelong of Boipatong? -- Boipatong lê reg langs Sharpeville.

HOF : Dit was aan die westekant van Sharpeville? -- Dit is korrek. Bophelong lê ook amper weer wes van Boipatong.

Suid-wes? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Dit is amper die buitewyke van Sharpeville waar die pad so versper was? -- Dit was aan die kant. Dit is korrek. Die betrokke pad kom uit die - die hoofstraat as jy

Sharpeville inkom met die hoofstraat dan kry jy die sirkel en die straat wat ek nou van praat loop uit die hoofstraat uit.

Dit is ver van Seeisostraat af? -- Seeisostraat is die hoofstraat. Jy kry Seeisostraat, dit is 'n dubbelstraat met 'n middelmannetjie in die middel. Dan kry jy die sirkel. Dan gaan jy om die sirkel reg kan ek maar sê in 'n noordelike rigting en dan kom jy by die betrokke straat waarvan ek nou praat.

Hoe ver sal u sê is dit van die middel van Sharpeville af? -- Dit is nie ver nie, soos die kraai vlieg seker omtrent 'n kilo van waar die pad toegepak was van die polisiestasie af.

HCF : Tussen die polisiestasie en waar die pad versper was met dromme en draad is dit 'n kilometer? -- Dit is korrek.

Maar dit is nog binne-in Sharpeville? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Toe u die aand by Bophelong was, het u enige van die oorledenes polisiestasie toe gebring of nie? -- Nee, ek het nie.

U het nie op enige stadium van die nag van die 2de na die 3de met enige van die lyke te doen gehad nie? -- Nee, dit is net daardie skietvoorval waar die persoon getref was. Terwyl die speurmense besig was met die ondersoek was ons by daardie lyk.

Wat is die naam van die persoon wat saam met u was? Kan u onthou? Dit is die nag van die 2de tot die 3de? -- My bemanning?

Ja? -- Sersant van Rooyen.

Ek wil u vra of u ons miskien kan sê of u enige UDF T-hemde gesien het op die nag van die 2de tot die 3de? -- Ek het nie so daarna opgelet nie.

... / En

En gedurende die 3de, hoeveel T-hemde het u gesien? Kan u sê min of meer? -- Ek kan nie 'n getal gee nie. Ek het verskeie mense gesien wat die T-hemde aangehad het. Veral daar in Sharpeville.

Maar van die duisende mense wat u in Sharpeville gesien het, hoeveel van hulle het UDF T-hemde aangehad? -- Ek het hulle nie getel nie. Toe ons besig was by raadslid Dhlamini se huis, van die mense wat daar gestaan het met die asblikdeksels aan die voorpunt van die skare het van daardie hemde aangehad. Ek kan nie vir die Hof sê hoeveel hulle was nie. Ek het hulle nie getel nie.

Twee of drie of vyf? -- Nee, ek kan nie sê presies hoeveel daar was nie. Ek het hulle nie getel nie.

En van die slagspreuke wat u gehoor het, u het melding gemaak van ANC en Oliver Thambo. -- Dit is korrek.

Is dit al die slagspreuke wat u gehoor het? -- Dit is korrek.

Net die twee slagspreuke? -- Dit is van die slagspreuke wat ek gehoor het wat ek pertinent onthou het.

Maar u kan nie sê of daar ander slagspreuke was nie? -- Nee, wat ek pertinent gehoor het is dit.

U het gehoor van Oliver Thambo en die ANC? -- Dit is korrek.

Net die twee, ANC en Thambo? -- Dit is korrek.

Ek is gesê dat die ander in verband met John Vorster Square en Jan Smuts Lughawe uit 'n toneel van Pieter Dirk Uys is?

HOF: U weet van die toneelspeler Pieter Dirk Uys? -- Ja.

Dit word aan u gestel dat daardie 'n aanhaling uit een van sy toneelstukke is? -- Dit kan wees. Ek het nog nooit van sy boeke gelees of toneelstukke bygewoon nie. Dit

... / is

is die ding wat ek daar gehoor het. Ek onthou dit pertinent. Dit was vir my snaaks dat ek daardie spesifieke ding daar gehoor het.

MNR. BIZOS : Weet u of daar asblikke by Evaton is? -- Asblikke by die woonhuise?

By die woonhuise? -- Dit is korrek.

Is hulle gebruik in Evaton? -- Ja.

Is u seker? -- Dit is korrek. In Adams Road veral, omdat dit die hoofstraat is.

HOF : U sê dit is gebruik. Die advokaat wil weet of dit in gebruik is by die huise. Met ander woorde, het elke huis 'n asblik? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Is u seker daarvan? -- Ja.

Ons praat van Adams Road? -- Dit is korrek.

Vir wat dit werd is stel ek dit aan u dat die mense van Evaton het nie asblikke wat hulle gebruik nie.

HOF : Wat gebruik hulle dan?

MR BIZOS : Just ash heaps all over the place. That is one of the disputes. -- Dit is meer na Small Farms se kant toe.

HOF : Waar die ashope is of waar die asblikke is? -- Dit is korrek. Daar het hulle die as op hope. In Adams Road gebruik hulle asblikke, vernaam al die winkels en die winkelkomplekse daar.

By die winkels miskien. -- Dit is reg. Asook van die motorhawens het ook asblikke beskikbaar daar.

MNR BIZOS : Wie is die mense wat die eienaars van die Quality winkelsentrum is? -- Ons kon nie die dag met ons aankoms daar die eienaar van die winkel opspoor nie.

Dit is 'n paar winkels in daardie sentrum, is dit nie? -- Dit is korrek, ja.

Quality Shopping Centre? -- Dit is korrek.

... / HOF

HOF : Weet u wie die eienaars was? -- Nee, ek weet glad nie.

MNR. BIZOS : Is u in staat om te erken of te ontken dat die besighede aan Indiërs behoort? -- Dit kan moontlik wees.

Kan u Sotho praat? -- Glad nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is Lourens Riekert. Hierdie getuie gee soortgelyke getuienis as hierdie getuie oor die gebeure in die Vaal.

LOURENS RIEKERT, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging? -- Dit is korrek.

Op 3 September 1984 het u diens gedoen te Vereeniging distrik? -- Dit is reg.

En die oggend was u gestuur of opdrag gegee om te gaan na Sharpeville in die distrik? -- Dit is reg.

Hoe laat het u aangekom in Sharpeville? -- Dit was omtrent 09h30.

Met u aankoms daar, hoe langs het u beweeg? In watter straat? -- Ons het in Seeisostraat afbeweeg.

Toe u daar afbeweeg het in Seeisostraat, wat het u gevind daar? -- Die paaie was versper gewees met betonblokke, padtekens en allerlei voorwerpe, asook motorbande wat gebrand het en 'n motorwrak wat aan die brand was.

Hoe het dit julle geaffekteer om te beweeg in daardie straat? -- Ons het stadig beweeg. Party plekke moes ons gestop het, die voorwerpe verwyder het en dan aanbeweeg het.

Terwyl julle afbeweeg het in Seeisostraat het julle by 'n motorhawe daar verbygegaan? -- Dit is reg.

... / Wat

Wat het u daar opgemerk? -- Die motorhawe was afgebrand gewees en geplunder.

<u>HOF</u> : Dit is in Seeisostraat? -- Dit is in Seeisostraat.

<u>MNR. JACOBS</u> : En moes julle daar gepatrolleer het en dan deurgegaan het na 'n ander gebied deur Sharpeville? -- Ons opdragte was gewees op daardie stadium net om in Sharpeville te patrolleer.

U het nou daar beweeg in Seeisostraat, het daar iets beweeg op daardie stadium toe u nou daar afbeweeg het? -- Nee, die skare was alreeds beheer gewees.

Wat gebeur toe? Is julle na Evaton toe? -- Ja, ons het opdrag gekry om na Evaton te beweeg.

<u>HOF</u> : Hoe laat is julle na Evaton toe? -- Dit was ongeveer 10h30 wat ons in Evaton aangekom het.

<u>MNR. JACOBS</u> : En in Evaton, in watter straat het julle beweeg? -- Ons het in Adamsweg afbeweeg. Toe ons in Adamsweg afbeweeg het ons ongeveer agthonderd na duisend mense toe aangetref wat aan bidde kante van die straat gestaan het. Die paaie was weer eens versper gewees en daar is verskeie slagspreuke aan ons geskreeu.

Kom ons kry net eers die versperring van die paaie, hoe was hulle versper? -- Dit was weer eens betonblokke gewees, klippe, motorbande en veiligheidshekke wat van winkels af gekom het.

Die skare wat u nou sê u daar opgemerk het, die groot skare, het hulle enige wapens by hulle gehad? -- Party van hulle was gewapen met klippe, bottels en hierdie voorwerpe is ook na ons toe gegooi.

Die bottels, kan u meer vir ons daaromtrent sê? Wat se bottels was dit? -- Dit was net bottels.

Was daar iets in hulle? -- Nee, ek kon niks daarin sien nie.

... / En

En u sê die voorwerpe is na julle toe gegooi? -- Dit is korrek.

Is dit terwyl julle beweeg het daar in Adamsweg? -- Dit is reg.

U het gemeld van slagspreuke, kan u net vir ons meer duidelikheid daaromtrent gee? -- Ja, die skare het slagspreuke van Viva ANC, UDF. Mandela en Thambo aan ons geskreeu.

Kon u opmerk wat se kleredrag hulle aangehad het? -- Sommige van die skare het UDF T-hemde en CCSAS T-hemde aangehad.

Was daar enigiets opmerklik omtrent hierdie persone wat daar in die skare was wat hierdie klere aangehad het? -- Dit was duidelik gewees dat hulle leiersfigure was, dat hulle vir die ander mense geskreeu en hulle opgesweep het.

Hoe het hulle dit gedoen? Wat het hulle gedoen wat u daardie indruk gegee het? -- Hulle het met hulle vuiste in die lug gestaan en geskreeu vir die ander mense en dit het voorgekom asof die ander mense agter hulle aan skreeu.

En as die gooiery nou plaasvind? Hoe het dit gekom dat hulle dit doen? Wat was hulle optrede in daardie verband? -- Hulle het ook klippe na ons gegooi. Hulle was daar tussen daardie mense gewees en dit was opmerklik gewees dat hulle die opswepers was.

Toe hulle nou daar so op julle gegooi het, het julle opgetree teen hulle of nie? -- Ons het nie teen hulle opgetree nie. Ons het net deur beweeg na die Administrasieraad se biersaal wat in dieselfde straat is.

Is daar enige rede hoekom daar nie opgetree was nie? -- Die skare was op daardie stadium baie aggressief gewees en ons was bang gewees as ons sou stop dat die mense ons sou vermoor.

U sê u het nou deurbeweeg na die biersaal toe? -- Ja, dit is reg.

Het julle die biersaal bereik? -- Toe ons by die biersaal kom, was die biersaal reeds gedeeltelik aan die brand gewees. Daar was 'n skare van naastenby duisend vyfhonderd mense op die toneel.

Wat het hierdie skare gedoen?-- Hulle was aggressief gewees, hulle het bottels en klippe na ons gegooi en daar is weer slagspreuke aan ons geskreeu.

Wat se slagspreuke? -- Weer Viva Mandela, ANC, COSAS en UDF.

Daar is toe weer voorwerpe na julle toe gegooi en toe? -- Een van die lede is op die been getref en dit het 'n beenbesering veroorsaak.

Is dit nou een van die lede van die polisie? -- Ja, een van die polisielede.

Ja? -- Ons het toe 'n 20-jarige jeugdige tussen die skare opgemerk wat die ander omstaanders opgesweep het om klippe te gooi en die ander mense aangemoedig om ook klippe te gooi.

Hoe was hy geklee? -- Hy was geklee in 'n geel UDF T-hempie.

Het hierdie massa mense gereageer op so 'n opswepery? -- Ja, hulle het saam met hom klippe gegooi na ons. Ons het toe opdrag gekry ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Van wie? -- Van my bevelvoerende offisier af.

Wie was dit? -- Dit was luitenant Coetzer.

Wat se opdrag?-- Die opdrag was dat ek een skoot met my haelgeweer op die Swartman moes vuur. Ek het die man getref en hy het toe in die skare in beweeg. Ek het nie weer die man gesien nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRÜGEL)</u> : Was dit donshael? -- Dit was donshael.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Wat gebeur toe? -- Die man het toe in die skare in verdwyn en ons het hom nie weer gesien nie. Die biersaal was heeltemal uitgebrand gewees.

Wat het van die skare geword toe u op hierdie persoon vuur? -- Die skare was nog steeds daar op die toneel gewees. Nadat die skoot gevuur is, het hulle net effens terugbeweeg maar hulle het nog steeds klip gegooi.

Is daar nog voortgegaan met die skreeu van slagspreuke? -- Nog steeds voortgegaan op dieselfde wyse.

Terwyl julle nog daar by die biersaal is, u sê hy het toe afgebrand? -- Ja, dit was ongeveer 11h20. Toe het ons 'n oproep gekry dat raadslid Liphoko se drankwinkel en besigheidsperseel by sy huis deur oproeriges aangeval is. Ons het toe daarheen beweeg en die besigheidsperseel en die huis van raadslid Liphoko was ook in Adamsweg gewees.

Kon julle vinnig beweeg daarnatoe? -- Ons kon nie baie vinnig beweeg nie, want die paaie was versper gewees.

Gaan voort? -- Toe ons by raadslid Liphoko se huis aankom was daar 'n groot skare van ongeveer tweeduisend mense teenwoordig gewees. Sommige van die mense was op die dak van die besigheidsperseel gewees. Hulle was in die besigheidsperseel op die huise se dakke en hulle het daar saamgedrom om die huise.

Is dit op die huis van Liphoko self wat daar mense was? -- Ja, daar was mense op die kant van die dak.

HOF : Was hulle op die besigheid se dak en op die huis se dak? -- Dit is reg.

MNR. JACOBS : En hulle is naby mekaar? -- Ja, 'n mens kan sê hulle was langs mekaar gewees. Toe ons daar aankom het die mense weggehardloop en weer in die strate hergroepeer.

Kan u vir ons sê, kon u sien wat die mense op die dakke

... / van

van hierdie twee geboue gedoen het? -- Ons kon nie sien wat dit was nie. Dit het net voorgekom asof dit deel was van die oproerige skare, plunderaars en dies meer.

Wat was die optrede van die skare teenoor die polisiemanne wat toe daar opgedaag het? -- Hulle was baie aggressief gewees. Toe ons daar stop het hulle gegroepeer in die strate en hulle was gewapen met bottels, messe, party het assegaaie ook gehad. Hulle het toe op ons afgestorm en ek het weer eens opdrag gekry om met my haelgeweer op die skare te vuur, waarop ek drie skote op die skare gevuur het.

HOF : Weer donshael? -- Dit was weer donshael gewees.

MNR. JACOBS : Het u iemand getref? -- Ek weet nie of ek iemand getref het nie, maar na die derde skoot het die skare toe terugbeweeg. Terwyl ons daar gestaan het, het een van mnr. Liphoko se seuns na ons toe gekom en toe vir hom gesê dat hy baie ernstig beseer is.

Wie is dit? -- Ek dink dit was Josia gewees, mnr. Liphoko se seun. Ons het toe 'n helikopter ontbied wat daar opgedaag het en mnr. Liphoko tesame met 'n beseerde wat ons daar op die toneel aangetref het, is toe verwyder.

HOF : Hoe was mnr. Liphoko beseer? -- Sy hele lyf was vol bloed gewees. Dit het amper voorgekom asof hy met messe gesteek was. Ek is nie seker nie, maar sy hele lyf was vol bloed gewees en sy gesig.

MNR. JACOBS : En die beseerde wat u daar gekry het, waar is hy gekry? -- Ons het hom daar op die perseel gekry. Dit het voorgekom asof dit 'n skietwond was in die skouer.

Op die toneel terwyl u nou daar was, en die mense nou verwyder is, het u om versterkings gevra of wat? -- Ja, ons het om versterkings gevra, maar dit het ongeveer 'n halfuur vir die versterkings gevat om daar uit te kom.

... / Hoekom

Hoekom het u gevra vir versterkings? Wat was die rede? -- Op daardie stadium was ons ongeveer dertien polisiemanne gewees net op daardie toneel en dit was 'n redelike groot skare gewees om deur dertien polisiemanne beheer te word.

Was daar enigiets geskreeu gewees op hierdie toneel? -- Ja, daar is weer slagspreuke aan ons geskreeu Viva Mandela, ANC, COSAS, UDF en daar is op ons gevloek.

Hoe gevloek? -- Gewone vloekwoorde. Ons is uitgeskel as honde. Daar was verskeie oproepe uit die skare gewees dat ons doodgemaak moes word.

Terwyl julle daar wag vir versterkings, het daar iets verder gebeur? U het nou vertel hoe dat u geskiet het, drie skote? -- Ja, daar is sporadiese aanvalle op ons geloods en die lede het dan op die skare gevuur.

Hoe is die aanvalle geloods? -- Daar is met klippe en bottels na ons gegooi.

Was daar mense wat die skare gelei het of voorgesê het om julle so aan te val? -- Daar was verskeie mense in die skare gewees met weer eens UDF en COSAS T-hempies. 'n Mens kon duidelik sien hulle was die voorbokke gewees.

Wat het hulle gedoen om die indruk by u te skep? -- Hulle het met hulle vuiste in die lug gestaan en geskreeu. Hulle het 'n slagspreuk geskreeu en dan het die skare gevolg en agterna geskreeu. Party van hulle het ook met klippe gegooi en dan het die skare agterna gegooi of saam met hulle gegooi.

In hierdie skermutseling wat so sporadies van julle gekom het, is iemand beseer van julle? -- Een van die lede, konstabel Dekker is hierso agter die oor gegooi met 'n klip en dit het 'n ernstige sny agter sy oor veroorsaak. Ons moes hom toe verwyder en in 'n voertuig sit, want hy was, 'n mens kan maar sê bewusteloos gewees.

... / Het

Het daar versterking toe opgedaag? -- Ja en nadat die versterkings opgedaag het, is die skare beheer en uiteen gejaag.

Wie is dit wat as versterking opgedaag het? -- Dit was adjudant Coetzee en 'n paar van sy lede wat daar opgedaag het as versterking.

Nadat die skare toe uiteen gejaag is en die versterkings opgedaag het, hoe het julle hulle uiteen gejaag? -- Party van die lede het in hulle voertuie na die skare toe gery en ek dink dit was traangas en rubberkoeëls na die mense toe geskiet. Ek is nie doodseker nie, maar ek het gesien dat party van die lede traangas na die skare toe vuur.

Uself? -- Nee, ekself het by Liphoko se winkel gebly. Ons het toe gehelp om Liphoko se besittings te verwyder en in voertuie te plaas.

En Liphoko se familie? -- Ja.

Wat het julle toe gedoen toe die mense uitmekaar gejaag is? -- Soos ek gesê het ons het die Liphoko's gehelp om hulle besittings bymekaar te maak en hierna het ons hulle uit Evaton uitgeneem.

Waarheen het julle hulle geneem? -- Daarna is ons na Sebokeng polisiestasie toe.

En konstabel Dekker is toe ook daar ... -- Ons het gereël dat hy heeltemal uit die aksie uitgeneem word, dat hy hospitaal toe gaan vir behandeling.

Wat was sy toestand toe julle daar by die polisiestasie gekom het? -- Hy was nog steeds half bewusteloos gewees en die sny agter sy oor het gebloei.

Voordat julle daar vertrek het van Liphoko se huis, het julle ander beseerdes teëgekom of gesien? -- Ja, nadat die skare uiteen gedryf is, het van die omstaanders beseerdes

... / na

na ons toe gebring waar ons toe gereël het dat hulle verwyder word hospitaal toe.

Was dit nou lede van die skare wat die beseerdes na julle toe gebring het? -- Dit het so voorgekom of omstaanders wat in die huise daar naby gebly het. Ek weet nie wie dit was nie, maar hulle het die mense na ons toe gebring waarop ons hulle weggevat het hospitaal toe.

Hoeveel beseerdes is na julle toe gebring wat julle van die toneel af verwyder het? -- Ek is nie seker nie. Ek sou sê as ek moet skat omtrent ses.

Wat het julle met die beseerdes gemaak? -- Ons het hulle in voertuie geplaas en toe ons die Liphoko's uitneem het ons sommer die beseerdes hospitaal toe geneem.

Later in die dag het u weer gepatrolleer in Sebokeng? -- Ja, dit is reg.

Hoe laat? -- Dit was ongeveer 16h30 wat ons weer voortgegaan het met patrollie.

Dit is in Sebokeng? -- Dit is reg.

Wat het u gevind daarso? -- Die paaie was nog steeds versper gewees en daar was sporadiese klipgooiery gewees. Dit was ongeveer twintig na dertig mense toe wat ons met klippe bestook het.

En verder, wat het julle gedoen? -- Ons is toe ook na 'n winkelsentrum in Gebied 14 wat aan die brand was en die mense was besig om dit te plunder. Ons het toe daarheen gegaan en die mense uiteen gedryf.

Het julle ook later mense wat in lewensgevaar was gehelp die gebiede uit? -- Dit is reg. Later die aand het ons 'n hele aantal Swartes uit die Swartwoongebiede begelei wat ons gestop het en gevra het ons moet hulle help, hulle vrees vir hulle lewens.

... / Weet

Weet u wat hulle nerings of beroepe was? -- Nee, ek weet glad nie wie hulle was nie.

Kan u vir ons sê hoeveel mense julle so gehelp het uit die gebiede uit wat gevrees het vir hulle lewe? -- As ek moet skat ongeveer dertig, veertig mense.

Die aand om 22h00 op 3 September is jy van diens af? -- Dit is reg.

Die 4de die oggend, hoe laat is jy op diens? -- Ja, ek het om 06h00 aan diens gerapporteer by Vanderbijlpark.

En waar is jy toe geplaas? -- Ons is toe saam met ander lede na Residensia gestuur om die area daar te patrolleer.

Wat was u ondervinding in Residensia? -- Die besigheidspersele daarso was afgebrand gewees. Ons het verskeie groepe van vyftig na sestig mense daar aangetref wat ons dan uiteen gejaag het.

En die paaie? -- Die paaie was weer versper gewees met blokke en enige voorwerp wat denkbaar was wat in die pad gegooi was.

Was daar in Residensia ook aanvalle op die polisie? -- Daar was net sporadiese aanvalle gewees. Dit was nie grootskaalse aanvalle gewees nie.

Die res van die dag het u net gepatrolleer? -- Ja, dit is reg. Ons het net gepatrolleer en later die dag is ons van diens af.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Sersant Riekert, weet u aan wie die motorhawe wat afgebrand en geplunder was in Seeisostraat behoort het? -- Nee.

U het vir ons gesê dat u het ses mense wat gewond was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Beseer was.

MNR. BIZOS : Beseer was of was hulle gewond? -- Sommige van

... / die

die mense was gewond gewees.

Kan u vir ons asseblief sê hoeveel van die mense wat gewond was UDF T-hemde gedra het? -- Ek sal nie kan sê hoeveel mense het UDF T-hemde aangehad nie.

Het enigeen van hulle 'n UDF T-hemp aangehad? -- Nee, nie van die mense wat gewond was nie.

En was die polisie van plan toe die polisie na lede van die skare skiet om sommer te skiet of om die leiers te probeer tref? -- Toe die skare ons aanval het ons net gevuur. Toe ek daardie drie skote geskiet het het ek net gevuur om te poog dat die skare net terugbeweeg en nie daardie volskaalse aanval op ons loods nie.

Maar is die beleid nie as daar 'n skare is dat daar blykbaar leiers van die skare is, om die leiers te probeer tref sodat die skare nie die leiers kan verloor nie sodat hulle nie aangehits kan word nie? -- Dit is die beleid, maar op daardie stadium het almal op ons afgestorm. Ons moes vuur om die skare te stuit.

Hoeveel mense is op die betrokke dag, die 3de, doodgeskiet of gewond is in die algemeen? -- Nee, ek sal nie kan sê nie.

Sal u in staat kan wees om te sê hoeveel van hulle of UDF of COSAS of enige ander kleredrag aangehad het? -- Nee, ek sal nie kan sê nie, want ek was nie by al die lyke of beseerdes gewees nie.

Kan u vir ons sê of enigeen van die persone wat doodgeskiet is 'n UDF of 'n COSAS T-hemp aangehad het? -- Ek het op een gevuur by die eerste voorval by die biersaal en ek het hom nie gesien nie, so ek weet nie of hy dood is nie.

Wanneer is u vir die heel eerste keer gevra om te onthou hoe die mense en die skare gekleed was? WAnneer is u vir die

... / heel

heel eerste keer gevra om te onthou hoe die lede van die skare gekleed was? -- Ek het 'n skietverslag voltooi. Daar het my offisier gesê.

Wat gesê? -- Hoe die mense aangetrek was.

U sê u het op dieselfde dag in hierdie verklaring melding gemaak van die mense wat UDF en COSAS T-hemde gedra het? -- Ek het nie 'n verklaring daaroor afgelê nie. Ek sê my offisier het 'n verklaring daaroor gemaak.

Het u enige skriftelike verklaring gemaak in verband met die kleredrag van lede van die skare? -- Nie op daardie dag nie.

Op enige ander dag? -- Ja, ek het hier by die ondersoekbeampte, majoor Kruger, 'n verklaring gemaak.

Wanneer was dit? Wanneer is u verklaring aan mnr. Kruger gemaak? -- Dit is omtrent vier weke terug.

Ja, ons het so gedink.

HOF : Net voor ons nou daarby kom. 'n Skietverslag, is dit 'n verslag wat gemaak moet word wanneer daar gevuur is? -- Ja, dit is reg.

Of wanneer iemand getref is? -- Nee, wanneer daar geskiet is, moet daar 'n skietverslag deur die offisier voltooi word.

Ook as dit met donshael is? -- Enige vuurwapen.

En is daar in die skietverslag gemeld hoe 'n persoon geklee is wat getref word? -- Ek weet nie, want daardie verslag sien ons nie. Jy verstrek net jou besonderhede aan die offisier en hy meld die omstandighede waaronder jy gevuur het. Ons sien nie die skietverslae nie.

MNR. BIZOS : U het vir ons gesê dat u het melding gemaak van die kleredrag van die skare aan majoor Kruger vier weke gelede? -- Dit is reg.

... / Is

Is dit die heel eerste keer wat u ooit ʼn verklaring gemaak het in verband met enige saak? -- Is dit nou in verband met hierdie saak of enige ander saak?

In verband met enige ander saak?-- Nee, dit is die eerste verklaring wat ek gemaak het in verband met hierdie saak.

Dit is die heel eerste verklaring, vier weke gelede wat u gemaak het in verband met die voorvalle van 3 September 1984? -- Ek het ook ʼn verklaring gemaak by ʼn ondersoekbeampte wat die voorvalle ondersoek het, die geregtelike doodsondersoeke. Ek is nie seker nie.

Die doodsondersoeke in verband met die mense wat dood is? -- Dit is reg.

Dit kan ons verstaan, maar toe u u verklaring aan majoor Kruger gemaak het ʼn paar weke gelede, het u geweet dat u getuienis in die hof sou gee waarin die beskuldigdes voorkom? -- Nee, ek het nie geweet dat ek getuienis hoef af te lê nie.

Het majoor Kruger nie aan u verduidelik waarom dit nodig was agtien maande na die gebeurtenis - het majoor Kruger nie aan u gesê wat die doel van die verklaring is, waarom u ʼn verklaring moet maak meer as agtien maande na die voorval? -- Nee.

Wou u nie weet hoekom u na Delmas - is die verklaring hier by Delmas gemaak? -- Dit is reg.

Wou u nie geweet het wat Delmas te doen het met Sebokeng en Evaton en die ander plekke daarin die Vaal Driehoek nie? -- Want ek het geweet daar was ʼn verhoor aan.

En het u geweet dat party van die beskuldigdes leiers van die UDF is?-- Ek weet niks van die beskuldigdes nie. Ek het net die verklaring afgelê.

Het u geweet dat daar ʼn saak aan die gang is te Delmas in verband met die gebeure in die Vaal Driehoek? -- Ek het

... / net

net geweet daar is 'n hoogverraadsaak aan die gang met 21 beskuldigdes. Ek het nie geweet aan watter organisasie of watter faksie die beskuldigdes behoort nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat u getuienis in verband met die UDF en COSAS T-hemde en Viva UDF en Viva COSAS gegee is teen die beskuldigdes en dat dit nie waar is nie? -- Ek getuig net wat ek op die tonele gesien het.

Was u in die geselskap van mnr. Coetzee gedurende die tydperk?

HOF : Bedoel u adjudant-offisier?

MNR. BIZOS : Adjudant-offisier, die offisier net voor u in die getuiebank was? -- Ek het hom net gesien toe hy vir ons kom versterkings gee het daar by mnr. Liphoko se huis.

En hy is seer sekerlik deur min of meer dieselfde groepe aangeval op pad na Evaton toe as u? -- Ek weet nie wat se roete hy gery het nie, so ek sal nie kan sê nie.

Hoe lank nadat u by mnr. Liphoko se plek was het adjudant-offisier Coetzee opgedaag? -- Dit is moeilik om te sê. Ek sou skat dit was omtrent 'n halfuur gewees wat ons moes gewag het vir versterkings.

HOF : Vandat u by Liphoko gekom het totdat hy gekom het of vandat u versterkings ontbied het? -- Vandat ons versterkings ontbied het, omtrent 'n halfuur.

MNR. BIZOS : En vir hoe lank was u by Liphoko se plek toe u vir versterkings gevra het? -- As ek moet skat, sou ek sê omtrent tien na vyftien minute.

Waarvandaan het u gekom voordat u na Evaton gegaan het? -- Vanaf Sharpeville.

Weet u waarvandaan adjudant-offisier Coetzee gekom het? -- Nee.

Hoeveel teerpaaie is daar in Evaton as u van Sharpeville

... / na

na Evaton ry? -- Daar is verskillende roetes. Ek sal nie kan sê hoeveel roetes daar gevolg kan word nie.

In Evaton, hoeveel teerpaaie is daar as u na mnr. Liphoko se plek toe wil gaan vanaf Sharpeville se kant en u moet in Evaton kom om na mnr. Liphoko se plek te gaan? -- Ek weet nie.

Hoeveel UDF T-hemde het u op die 3de gesien? -- Ek sal nie kan sê die presiese aantal nie, maar by die biersaal was daar mense met UDF T-hemde aan en COSAS T-hemde.

Hoeveel? -- Ek sal nie kan sê nie.

Twee, vyf, tien, drie, sewe? -- Ek sal nie kan skat nie, maar daar was mense met die hemde aan gewees.

Die enigste ding wat u kan sê is, daar was meer as een persoon wat 'n UDF T-hemp aangehad het. Is dit reg? -- Daar was meer as een persoon wat 'n UDF en 'n COSAS T-hemp aangehad het.

Maar u kan nie sê hoeveel nie? -- Nee.

Sal u sê dat al die leiers van die groepe òf 'n UDF òf 'n COSAS T-hemp aangehad het of nie of was daar leiers wat nie sulke T-hemde aangehad het nie? Wat is u getuienis daaromtrent? -- Party van die mense het wel privaat drag aangehad.

Is UDF nie privaat drag nie? Is 'n UDF T-hemp nie privaat drag nie? -- Wat ek bedoel by privaat drag, nie 'n COSAS of 'n UDF T-hemp nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K215 LOURENS RIEKERT, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Sersant Riekert, sal u asseblief vir Sy Edele 'n COSAS T-hemp beskryf? -- Dit is 'n wit T-hempie. Daar staan COSAS op en agter op staan daar "Each one teach one."

Is dit al wat u van 'n COSAS T-hemp kan onthou? -- Ja, dit

... / is

is basies al wat ek kan onthou.

Sal u 'n UDF T-hemp aan Sy Edele beskryf? -- Dit is 'n geel T-hempie met mense op wat daar staan met 'n soort van 'n vlag waarop UDF staan. Dan staan daar "UDF Unites - Apartheid Divides".

En agter? -- Ek weet nie of daar iets agter op staan nie. Ek het dit nie gesien nie.

Al die UDF T-hemde wat u gesien het, was hulle dieselfde kleur? -- Ja, daar was net geel UDF en wit COSAS hemde.

Het u nooit 'n wit UDF T-hemp gesien nie? -- Nee, nie wat ek kan onthou nie.

Was daar enigiets agter op die UDF T-hemp wat u gesien het? -- Nee.

Was daar niks anders op die COSAS T-hemde wat u gesien het nie? -- Nee.

Was daar nie 'n beeld van mense op die COSAS T-hemde wat u gesien het nie? --Nee.

Was daar nie 'n beeld van 'n boek op die COSAS T-hemp wat u gesien het nie? -- Al wat ek op die hemde gesien het is daardie COSAS en dan agter op.

Niks meer nie? -- Niks meer nie.

Het u 'n kaart van Afrika op die COSAS T-hemp gesien? -- Nee.

Kan u onthou of daar iets geskryf of enige beeld was agter op 'n COSAS T-hemp? -- Al wat ek agter op daardie hemde gesien het, is wat ek alreeds gesê het.

Kan u onthou of iets agter op die COSAS T-hemp geskryf was?

HOF : Dit is wat hy vir u gesê het "Each one teach one".

MNR.BIZOS: Is dit wat u sê wat agter op was? -- Ja.

Het al die T-hemde van COSAS wat u gesien het "Each one

... / teach

teach one" agter op gehad? -- Ja, meeste van hulle het dit opgehad.

Ekskuus? -- Ja.

Ek het vir u gevra of daar miskien 'n kaart van Afrika was. Was daar miskien 'n kaart van Suider-Afrika op die COSAS T-hemp? -- Ek het alreeds gesê nee. Ek het dit nie gesien nie.

Kan u onthou of daar iets agter op die UDF T-hemde geskryf was? -- Nee, dit skoon gewees. Daar was niks agter op gewees nie, net die wapen.

U kan goed onthou dat die UDF T-hemde wat u gesien het niks agter op gehad het nie?-- As daar goed agter op was, het ek dit nie gesien nie.

U sien, ek wil aan u stel dat die UDF T-hemde wat beskikbaar was gedurende September 1984 òf geel òf wit was afhangende van die smaak van die persoon wat dit wou dra. Was dit toevallig dat al die T-hempies wat u gesien het ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Hoe kan u die getuie vra of dit toevallig is? Dit is betoog. U stel aan hom daar was twee soorte hemde. Hy weet dit nie.

<u>MNR. BIZOS</u> : En dat die geel UDF hemde agter op die woorde gehad het "UDF Unites - Apartheid Divides". Het u dit nie gesien nie?

<u>HOF</u> : Nie voor nie?

<u>MNR. BIZOS</u> : In small letters but at the back in big letters. -- Ek het dit dan nie gesien nie.

<u>HOF</u> : Hy het gesê dat dit daar op was. -- Ek het gesê dit was voor op.

<u>MNR. BIZOS</u> : Ek stel dit aan u dat dit agter op was met groot letters. Sê u dat die letters voor "UDF Unites -

Apartheid Divides" groot letters is wat leesbaar is van ver af? -- ꞌn Mens sal dit kan lees.

Van hoe ver af sou ꞌn mens in staat wees om dit te kan lees? -- ꞌn Mens sal dit van ꞌn redelike afstand af kan lees.

Van watter afstand af? -- Ongeveer sê 10 meter, 15 meter. Dit hang af hoe goed is jou oë.

Was u so naby die mense, 10 tot 15 meter weg? -- Op ꞌn stadium toe ons in Adams Road inbeweeg het, het ek getuig dat ons teen die mense, deur die mense beweeg het daar, want hulle was aan beide kante van die pad gewees.

Was dit die enigste geleentheid wat u in staat was om die geskrif op die T-hemp te lees? -- Ja, dit is reg so.

En waar was die woord COSAS geskryf op die COSAS T-hemp, bo of onder die middel van die T-hemp? -- Ek praat onder korreksie. Ek dink dit was aan die bokant geskryf gewees.

U kan nie onthou nie? -- Ek kan nie vir seker sê nie.

Het u nie miskien gesien dat agter op sekere van die UDF T-hemde daar geskryf is "Join a million people" nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Sal u asseblief vir ons sê hoe laat na u Liphoko se plek verlaat het, dit was? Of hoe laat het u Liphoko se plek verlaat? -- Dit sal moeilik wees vir my om te sê. Ek kan dit nie onthou nie.

Kan u onthou hoe laat die helikopter opgedaag het? -- Die gebeure daarso het redelik vinnig opmekaar gevolg en dit sou vir my moeilik wees om ꞌn tyd te kan sê.

Sal u saamstem dat van die groepe - dat lede van die groep mense daar gestaan het en toe die polisiewa verby ry is slagspreuke geskreeu en ꞌn geraas gemsak? Dit is toe u op pad was?

HOF : Op pad weg of na Liphoko toe?

MNR. BIZOS : Op pad na Liphoko toe? -- Toe ons daar tussen die mense inbeweeg was hulle reeds oproerig gewees. Of hulle voor die tyd oproerig was, sal ek nie kan sê nie.
Maar hulle aandag is deur die polisievoertuie getrek? -- Dit is moontlik dat hulle aandag getrek is.

Wat was die groepies besig om te doen voor die polisievoertuig by hulle gekom het? Wat het u vorentoe gesien? -- Ek het agter in 'n opruktrok gesit. Ek kon nie vorentoe kyk nie. Ek het in die deur gesit en uitgekyk na buite toe.
HOF: Wat is 'n opruktrok? -- Dit is hierdie voertuie waarin ons gewoonlik beweeg. Jy kan kante toe kyk en agtertoe, maar jy kan nie vorentoe sien nie.

Is dit 'n 3-ton vragmotor? -- Ja, soos die vragmotors waarin die beskuldigdes vervoer word.

Met sulke bankies in? -- Ja, bankies agter in.
MNR. BIZOS : U kon nie te goed gesien het vanwaar u gesit het nie? -- Ja, 'n mens kon nie vorentoe sien nie. Ek kon na die kante toe kyk en agtertoe,maar glad nie vorentoe nie.

Hoeveel mense was daar in u geselskap gedurende die reis? -- Ons was omtrent dertien polisiemanne gewees.

Wie was in bevel? -- Luitenant Coetzer.

Kan u asseblief vir ons sê hoeveel van die sogenaamde voorbokke u gesien het gedurende die hele reis?
HOF : Dit is nou die reis van waar na waar?
MNR. BIZOS : Toe u begin het, die hele reis wat u beskryf het, hoeveel van die voorbokke het u opgemerk? -- Daar was 'n hele paar. Ons het nie die mense getel nie, maar soos wat ons verbybeweeg het kon ons sien daar is mense tussenin wat die skare of ander mense opstook.

Wat was u rang in September 1984? -- Ek was 'n sersant gewees.

... /En

En alles wat u gesien het en alles wat u gedoen het, het die ander mense wat in u geselskap was gesien of gedoen?
HOF : Ek weet nie of u dit kan sê nie. Hy het drie skote afgevuur. Beteken dit dat almal drie skote afgevuur het?
MNR. BIZOS : Nee, in die algemeen, was u in die geselskap van al die mense? -- Toe ons by mnr. Liphoko se perseel aankom was ons nie die hele tyd bymekaar gewees nie. Ons was in daardie area gewees, maar ons was nie die hele tyd rug teen rug gewees nie. Ons was daar in die area gewees.

Hoeveel van die mense wat saam met u op die 3de was is in die omgewing van die hof vandag? --Nee, dit is net ek wat hier is.

Net u? -- Ja.

Weet u hoe dit gekom het dat u uitgekies is om getuienis in hierdie saak te gee? -- Nee, ek het nie 'n idee nie. Dit is seker my skietverslag wat my offisier voltooi het.

Maar u was nie die enigste persoon wat geskiet het nie? -- Met die sporadiese aanvalle wat daar was, het die ander lede ook gevuur op die skare.

Toe u hierheen gekom het om u verklaring te maak, was u ook die enigste persoon wat hiernatoe gekom het om 'n verklaring te maak? --My offisier in bevel was ook al hier gewees.

Wie is hy? -- Luitenant Coetzer.

Maar dit was die enigste keer wat mnr. Coetzer hier was. Hy het nie buite die hof die laaste paar dae gewag nie? -- Nee, ek weet nie of hy hier buite is nie. Ek het hom nie hier gesien nie.

Dra u kennis van die feit dat in Residensia winkels beskadig is? -- Ja, die 4de het ek patrollie gedoen in Residensia en meeste van die winkels daar was afgebrand en geplunder gewees.

... / Op

Op die 3de? -- Nee, op die 4de.

Op die 3de en 4de? -- Nee, net die 4de. Ek weet nie of op die 3de ook winkels afgebrand was nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Het u op die 4de toe u daar was gesien dat hulle al afgebrand is of het u gesien dat hulle aan die brand is op die 4de, dat hulle afgebrand word? -- Daar was reeds winkels afgebrand gewees. Op die 4de is daar verder winkels afgebrand.

MNR. BIZOS : Hoeveel winkels was alreeds beskadig toe u daar gekom het? -- Dit is moeilik om te sê. Ek weet van een Indiërwinkel daar in Residensia wat alreeds afgebrand was. Ek sal nie kan sê presies hoeveel winkels is afgebrand nie.

Sal u saamstem dat in die algemeen die winkels in Residensia deur Indiërs - dat Indiërs die eienaars is in Residensia in die algemeen? -- Op daardie stadium was daar van die Indiërs wat die besighede bedryf het. Ek sal nie kan sê hoeveel dit was nie.

HOF : Vertel my net, wat is Residensia? Watter soort groepsgebied is dit? -- Ek weet nie, ek sal nie presies kan sê wat se groepsgebied dit is nie. Dit was 'n gebied gewees waar eers Blankes gewoon het en toe later deel geword het van Sebokeng. 'n Mens kan maar sê dit is die naaste aan De Deur polisiestasie.

MNR. BIZOS : Is dit nie 'n gemengde - 'n plek waarin Indiërs, Swartes en party Blankes woon en besighede dryf nie? -- Ek glo nie. Ek het nie Blankes daar gesien nie, maar ek weet Indiërs het besighede daar.

Weet u nie dat dit ook soos Evaton 'n vrypag vir Swartes is nie?-- Nee, ek is nie bewus daarvan nie.

En langs die winkels woon sekere van die handelaars ook?

... / HOF

HOF : Woon daar van die Indiërhandelaars langs hulle winkels? -- Ek is nie seker daarvan nie, maar ek is nie bewus daarvan dat Indiërs daar gewoon het nie. Ek weet hulle het die besighede daar bedryf.

MNR. BIZOS : Weet u dat mense langs die winkels woon? Of hulle nou Indiërs of Swartes was? -- Ja, daar bly mense reg rondom die winkels in die woongebied self.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Andries Albertus Bruyns. Hierdie getuie gee ook getuienis oor die gebeure in die Vaal van die 2de en die 3de en die dae daarna.

HOF : Is hy 'n polisiebeampte?

MNR. JACOBS : Ook 'n polisiebeampte.

ANDRIES ALBERTUS BRUYNS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n adjudant-offisier gestasioneer te Vanderbijlpark en verbonde aan die onluseenheid? -- Dit is korrek.

Op 2 September 1984 het u om 19h30 aan diens gerapporteer op bystandsdiens te Vanderbijlpark polisiestasie?-- Dit is korrek.

By die aanklagkantoor en terwyl u daar in die aanklagkantoor was, het daar toe mense ingekom, Blankemense en klagtes daarso ingedien? -- Dit is korrek.

Is u en lede van die onluseenheid toe daarso weg en waarheen is u? -- Ons is daar weg en het vertrek na Bophelong, Swartwoongebied.

En daarso is julle spesifiek na die Goue Hoofweg toe? -- Dit is korrek, die hoofingang van Bophelong kruis met die Goue Hoofweg.

... / En

En wat is die Goue Hoofweg? -- Dit is 'n openbare pad in die distrik van Vanderbijlpark.

Op die Goue Hoofweg, wat het u daar opgemerk? -- Ek het gevind dat daar glasstukke en heelwat klippe op die padoppervlakte was.

Was dit gedoen as gevolg van die klagte van die mense wat u gekry het? -- Dit is korrek.

Het u enige persone daar gekry in die omgewing van die pad? -- Ons het daar geen persone gekry in die omgewing nie.

En op daardie stadium, was dit lig of donker gewees? -- Dit was reeds donker gewees.

HOF: Hoe laat het u die klagte gekry van die mense? -- Dit was om en by 19h30.

MNR. JACOBS : Net toe u op diens gekom het? -- Dit is korrek.

HOF : Was dit mense wat op die Goue Hoofweg beweeg het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : U sê u het klippe op die pad gekry en glas? -- Dit is korrek.

Hoe het dit vir u gelyk, wat se glas is dit?-- Dit het vir my geblyk of dit glasstukke kan wees van windskerms van motors.

Toe die mense daar klagtes ingedien het, toe u nog by die polisiestasie was, het u van hulle voertuie gesien? -- Nee, ek het nie van hulle voertuie gesien nie.

Net hulle klagte gehoor? -- Dit is korrek.

Die klippe wat u daar gekry het, wat se klippe was dit? --Dit was gewone wat orals in die veld en op die pad gevind word.

Is dit groot rotse? -- Dit was middelmatige klippe gewees, nie groot rotse nie.

U het nou gewys, u het u hand opgetel en u hand so bak

... / gemaak

gemaak? -- Korrek.

HOF : Wat 'n mens lekker kan gooi? -- 'n Lekker vol hand klip, ja.

MNR. JACOBS : Vanaf die Goue Hoofweg waarnatoe is u toe? -- Ons het Bophelong Swartwoonbuurt inbeweeg.

Hierdie plek waarheen u gegaan het en die klippe en glas op die pad gekry het, hoe ver is dit van die woonbuurt af? -- Dit is teenaan die woonbuurt.

Hoe laat was dit wat u in die woonbuurt inbeweeg het ongeveer? -- Om en by 19h45.

En wat het u toe opgemerk soos wat u inbeweeg het? -- Soos wat ons inbeweeg het met die hoofpad wat ingang bied tot Bophelong, versper is met verskeie voorwerpe, onder andere asblikke, boomstompe, takke wat van bome afgekap is en groot rotse.

U sê hulle het die paaie versper. Hoe het hulle dit versper? -- Deur die obstruksies reg oor die volle ry-oppervlakte van die pad rond te strooi.

Was dit net by die ingang? -- Dit was die hele pad wat deur die woonbuurt geloop het, waar die obstruksies aangebring was, basies op mekaar.

Hoe het dit die beweging van die polisievoertuig geaffekteer? -- Dit het beweging heelwat bemoeilik. Ons moes plek-plek uitklim, obstruksies verwyder om sodoende verder voort te beweeg.

Terwyl julle so beweeg het en waar julle stop om die versperrings te verwyder en so aan, hoe was die strate andersins gewees, daardie straat? -- Anders behalwe vir die strate wat vol obstruksies was, het ons plek-plek gestop om die obstruksies te verwyder en wanneer ons die obstruksies verwyder het, is ons met klippe bestook van agter die wonings

... / en

en tussen die woonerwe deur.

Kon julle die mense sien wat julle so gegooi het? -- Nee, op daardie stadium kon ons nie die mense sien wat ons bestook het met klippe nie.

Die klippe wat so na julle gegooi is, het dit julle getref of julle voertuie getref? -- Ons as persoon self is nie getref nie. Die voertuie is wel getref.

Was hulle beskadig? -- Dit is korrek, die voertuie was beskadig.

In watter opsig? -- Duike in die bakwerk, van die kant-spieëltjies is beskadig, stukkend gegooi.

Die ruite? -- Nee, die ruite is beskerm met sifdraadbeskermers.

Het julle gereageer op hierdie gooiery uit die donkerte op julle? -- Dit is korrek. Ons het gereageer deur die afvuur van rubberpatrone en traanrook in die rigting vanwaar die klippe na ons gewerp is.

Wat gebeur toe? --Ons het voortgegaan met ons patrollie dieper in die woongebied in.

<u>HOF</u> : U het nou vertel van obstruksies op die hoofweg soos wat julle gery het in Bophelong in. Was daar ook obstruksies op die systrate? -- Dit is korrek. Basies al die paaie wat toegang bied was versper gewees.

<u>MNR. JACOBS</u> : Julle het voortgegaan met die patrollie en waar kom julle uit? -- Ek het op daardie stadium by 'n woning aangekom waar daar 'n groep jeugdiges voor die woning saamgedrom het.

Kan u vir ons sê in watter straat dit was? Was dit een van die hoofstrate? -- Dit was nog steeds in die hoofstraat gewees.

By die huis aangekom, wat het u daar aangetref, sê u? --

... / 'n Groep

'n Groep jeugdiges van plus-minus 25 tot 30 wat voor die huis saamgedrom was.

Hoe 'n groot groep is dit?

HOF : Is die ouderdom 25 tot 30 of die getal 25 tot 30? -- Die getal 25 tot 30.

MNR. JACOBS : As u sê jeugdiges, watter ouderdomsgroep bedoel u nou? Kan u vir ons 'n aanduiding gee?-- Volgens my skatting was daar geeneen van hulle bo die ouderdom van 20 nie.

En jonk, hoe jonk sou u hulle skat? -- Dit is bitter moeilik om te skat hoe jonk hulle was, maar volgens my oordeel op hulle voorkoms was daar wat om en by 13 en 14 jaar oud ook was.

Tot 20? -- Dit is reg.

Wat het u opgemerk by hierdie huis verder? -- Die huis se vensters was stukkend gegooi. Daar was basies geen heel vensterruit aan die woning gewees nie.

En hierdie mense wat daar was, waar was hulle gewees? -- Met ons aankoms het hulle uitmekaar uit gespat en die toneel daar verlaat.

Maar waar was hulle? -- Hulle was in die straat gewees direk voor die woning.

Kon u vasstel wie se huis is dit? -- Ek het gestop by die woning en navrae gedoen. Ek kan nie onthou wie die eienaar van die woning was nie.

Weet u wat sy beroep was of wat hy gedoen het? -- Ek kan nie onthou wat sy beroep was nie.

Was die mense in die huis? -- Die eienaar en sy gesin was by die huis gewees.

Van die mense wat daar uitmekaar gespat het, wat u sê toe u nou daar op die toneel verskyn het, het u enige van hulle gearresteer of probeer arresteer? -- Ek het een man wat

... / bitter

bitter naby aan die voertuig verbygehardloop het in 'n poging om te vlug gearresteer.

En? -- In die man se besit het ek 'n .38 rewolwer met ammunisie gevind.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit nou voordat u by die huis was? -- Dit is voordat ek by die huis was.

MNR. JACOBS : Wat het u met die man toe gedoen? -- Ek het die man in die voertuig geneem en by die voertuig aangehou tot heelwat later die aand wat hy verwyder is en aangekla is.

U het nou vasgestel die huis is beskadig. Wat gebeur toe? -- Ons het van die toneel van die woning vertrek en patrollies voortgesit in die Bophelong gebied.

In watter straat het u toe beweeg? -- Nog steeds in die hoofstraat. Plek-plek in die hoofstraat het ons groepies gekry wat die polisievoertuie met klippe aangeval het.

As u sê groepies gekry het, wat bedoel u? Hoe groot groepe is dit nou? -- Die groepies het gewissel. Daar was redelike kleinerige groepies tussen vyf tot tien en selfs partykeer groter tot vyftien.

Wat het dan gebeur?-- Hulle het met gebalde vuiste en skreeuende slagspreuke die polisievoertuig bestorm en met klippe gegooi.

Waar was hulle gewees toe u hulle teëgekom het? -- Hulle was in die pad gewees en aan die kante van die paaie, van die hoofpad.

Wat se slagspreuke het hulle geskreeu? -- Ek kan nie die slagspreuke onthou wat daar geskreeu is nie.

Wat het julle gedoen as hulle julle so met die klippe aanval? -- Opgetree deur middel van die vuur van traanrook-granate, traanrookpatrone en rubberpatrone.

Het u enigiets anders opgemerk omtrent hierdie mense? --

... / Van

Van die mense was geklee in T-hempies, kenmerkende T-hempies van die UDF.

Gaan voort? -- Hulle het baie wreedaardig voorgekom en baie aggressief.

Hoekom sê u so? -- Die wyse waarop hulle geskreeu het en die polisievoertuie bestorm het, het my onder die indruk gebring dat hulle wel aggressief en wreedaardig is.

Kan u enige insident onthou spesifiek wat by u opkom van hierdie mense? -- Dit is korrek. Op 'n stadium steeds besig met patrollies in die hoofpad het 'n Swartman, ek skat sy ouderdom op plus-minus 23, 24 jaar oud, die polisievoertuig reg van voor bestorm en met 'n halwe baksteen teen die voorste sit van die voertuig vasgegooi. Die man was geklee gewees in die geel kenmerkende UDF hempie. Ek het uit die voertuig gespring en die man probeer arresteer, maar hy het verdwyn tussen die huise en ek kon nie daarin slaag om hom te arresteer nie.

Het hy enigiets anders by hom gehad? -- Net slegs 'n klip en 'n asblikdeksel wat hy gebruik het, soos wat dit vir my voorgekom het, as 'n skild.

U patrolleer nou - na hierdie voorval, het u voortgegaan met die patrollering van die straat en nog verder aangegaan? -- Korrek. Toe het ons verder die woongebied gepatrolleer.

Het u toe afgegaan op ander strate? -- Dit is korrek. Ons het toe verder afgewyk op ander strate.

En wat het u gevind omtrent hierdie strate? -- Dat die strate op dieselfde wyse versper was en in die strate het die sporadiese klipgooivoorvalle of aanvalle op ons voertuig steeds voortgegaan.

Hierdie aanvalle wat daar voortgegaan het, waar was die mense wat u daar aangeval het? -- Hulle was ook in groepies

... / gewees

gewees. Hulle was langs die pad, in die pad en tussen die huise gewees.

Is u toe daar na die biersaal toe? -- Dit is korrek. In die verloop van ons patrollies gedurende die aand het ons by die biersaal uitgekom.

Is dit nog steeds in Bophelong? -- Steeds in Bophelong.

Wat het daar gebeur? -- Dit was vir my duidelik gewees dat die ook aangeval en met klippe gegooi was asook dat die plek geplunder was, aangesien daar bierbottels die hele wêreld vol gestrooi gelê het.

En het die gebou iets makeer? -- Die vensters in die gebou was stukkend gewees.

Was daar iemand toe u daar by die biersaal aangekom het? -- Nee, daar was geen persoon daar gewees nie.

HOF : Hoe laat was dit? -- Ek kan nie die tyd onthou nie. Dit was gedurende die aand gewees.

Voor middernag of na middernag? -- Voor middernag glo ek nog op daardie stadium.

In die middel van die aand of laterig in die aand? -- Dit was redelik laterig gewees, om en by, as ek tyd moet gee, in die omgewing van 23h00.

MNR. JACOBS : Vanaf die biersaal, het u toe verder vertrek? -- Dit is korrek. Ons het patrollies voortgesit.

Het u toe 'n oproep ontvang? -- Dit is korrek. Ek het 'n oproep ontvang van sersant Swanepoel wat ook dienste verrig het te Bophelong.

Het hy jou ontbied daar na hom toe? -- Dit is korrek, hy het my ontbied na die ligging van die biersaal.

HOF : Na dieselfde biersaal toe? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Is u toe terug na die biersaal toe? -- Dit is korrek.

... / Ja

Ja en toe? -- By die biersaal het ons vir sersant Swanepoel aangetref. Daar was 'n Swartman wat na bewering getref sou gewees het met 'n rubberpatroon.

Kan ons net duidelikheid kry. Hoekom is u ontbied? Wat se ander dienste het u vervul behalwe nou patrollie? -- Ek is 'n paramediese beampte, 'n mediese ordonnans in die eenheid en as sulks doen ek noodhulp op beseerdes, op lede van die eenheid en op lede van die publiek.

Wat tref u toe nou daar by sersant Swanepoel en by die biersaal aan? -- Ek het 'n Swartman aangetref wat op die grond gelê het op sy rug. Ek het die Swartman ondersoek en 'n merk op sy bors gevind waar die rubberpatroon hom na bewering sou getref het. Tydens die ondersoek van die Swartman het ek gevind dat hy reeds oorlede is.

<u>HOF</u> : Hoe laat het u hier aangekom? -- Ek kan nie die tyd onthou nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Voor middernag? -- Ek kan regtig nie die tyd onthou in daardie geval nie.

U het nou die man gevind en hy is oorlede? -- Hy is verwyder nadat ons 'n lykswa ontbied het. Hy is vanaf die toneel verwyder en ons het toe weer voortgegaan met ons patrollies.

Waarheen het u toe beweeg? -- Ons het steeds beweeg in Bophelong woongebied.

Hoe lank het u daar gebly? -- Tot om en by 02h00 die volgende oggend, die oggend van die 3de.

In daardie tyd nadat u nou daar weggegaan het by die biersaal en verdere patrollie gedoen het, was u verder aangeval sporadies of nie? -- Ons was steeds sporadies aangeval met klippe in Bophelong.

Wat het om 02h00 die oggend gebeur toe? -- Ons het opdrag

... / ontvang

ontvang om vanaf Bophelong te vertrek na Sharpeville woongebied. Ons het vertrek van Bophelong en beweeg na Sharpeville woongebied. Naby Sharpeville woongebied het ek gemerk dat die lug redelik vol rook was.

Was dit nog in die nag, nog in die donker? -- Nog steeds in die donker.

Ja? -- Ek het 'n huis opgemerk wat ook in ligte laaie gestaan het.

Waar was dit? -- Dit was in Sharpeville gewees aan die kant van die woongebied.

Het u na die huis toe gery? -- Nee, ons het by die woning verbybeweeg. Daar was reeds mense gewees in die gebied.

En vandat u Sharpeville ingegaan het om tot by daardie woning te kom, het u enigiets in die paaie opgemerk? -- Dit is korrek. Padversperrings was op dieselfde wyse aangebring in die pad soos in Bophelong met die verskil dat hier motorwrakke gevind is asook padverkeerstekens wat in geheel verwyder is met die sementblok en in die pad geplaas was.

Kan u vir ons sê die huis wat u daar verbygegaan het, wat was fout met hom? -- Hy het gebrand.

Het u daar gestop of nie? -- Nee, ek het nie daar gestop nie.

HOF : Toe u in Sharpeville kom, was dit 'n paar minute na 02h00 oggend? -- Ja, dit is omtrent 10 minute glo ek se ry vanaf Bophelong woongebied.

MNR. JACOBS : Behalwe dat die huis gebrand het, het u ook iets in die straat by die huis gesien? -- Daar was padversperrings. Ek het ook 'n motor gevind wat in die pad gestaan het wat ook in vlamme was.

Is dit by daardie huis? -- Ja, by daardie huis, in die omgewing van die woning.

... / U

U sê daar was alreeds hulp daar as ek u reg verstaan het. -- Dit is korrek.

Wat bedoel u daarmee? -- Daar was reeds voertuie van die polisie in die gebied gewees wat daar gepatrolleer het.

En daar by die huis self? -- By die woning self kan ek nie onthou of daar spesifiek aandag geskenk is aan die klagte nie.

Maar u het nie gestop nie? -- Nee, ek het nie by die woning gestop nie.

Behalwe dat die huis gebrand het en dat daar 'n voertuig in die pad gebrand het, was daar enigiets anders in die paaie? -- Daar was Swartpersone, jeugdiges in die paaie gewees wat ook besig was met groepvorming en in groepies daar was.

Hoe ver van die huis af was hulle? -- Plus-minus 100, 200 meter. Ek het nie spesifiek gelet op die afstand nie.

Het u in hulle rigting beweeg of wat? -- Dit is korrek.

En toe? -- Ons is weer eens deur die groepies daar aangeval op dieselfde wyse as in Bophelong woongebied met klippe terwyl hulle gestorm het met gebalde vuiste in die lug, terwyl hulle slagspreuke geskreeu het.

Was dit donker gewees daar waar jy hulle gekry het of was daar straatligte? -- Die Swartwoongebied beskik oor hoë mas beligting wat redelik verlig.

En die voertuie se ligte, was dit aan gewees? -- Die voertuie se ligte was aan gewees.

Kon u sien, die groepies mense wat u daar gesien het, was dit hulle wat met die klippe gegooi het? -- 'n Mens kon spesifieke persone geïdentifiseer het en jy kon die groep geïdentifiseer het as hulle wat ons aangeval het met klippe.

Kon u enigiets verder opmerk? -- Tussen die groepe het ek ook persone gevind met UDF hempies asook AZAPO T-hempies

... / wat

wat in Sharpeville was.

U sê AZAPO T-hempies? -- Dit is korrek. AZAPO en UDF.

Wat was die handelinge verder van hierdie mense in daardie groepe? -- Hulle was steeds wreedaardig gewees en het die voertuie aangeval met die klippe, waarop ons opgetree het met traanrook en rubberpatrone en die groepies uitmekaar gespat het.

Wat gebeur toe? U het hulle uitmekaar gejaag? -- Soos ons hulle uitmekaar gejaag het, het ons ons patrollie voortgesit en weer het hulle hergroepeer en nadat ons by die punt verby beweeg het, is die polisievoertuie weer van agter af aangeval deur die groepies. Ons het so deur Sharpeville beweeg vir die res van die tydperk gedurende die nag waartydens ons sporadies aangeval is en dit aanhoudend so voortgegaan het wat ons aangeval is met klippe deur die groepe.

Soos wat u verder in Sharpeville gepatrolleer het, het u ander strate ook, behalwe hierdie straat waar u aanvanklik ingekom het, gepatrolleer? -- Dit is korrek. Ons het ander strate ook gepatrolleer.

Wat het u daar gevind? -- Die paaie was ook op dieselfde wyse versper gewees met die genoemde items. Die paaie was half ontoeganklik gewees en ons moes bo-oor van die obstruksies ry en van die obstruksies uit ons pad verwyder om verder te kon beweeg.

Hoe lank het u daardie nag in Sharpeville gepatrolleer? -- Verder het ons die heelnag in Sharpeville gepatrolleer.

Wat het toe gebeur? -- Ons het ons patrollie voortgesit weer die oggend waarop ons op dieselfde wyse aangeval is deur die groepies in die nag en so ook in die vroeë oggendure.

Op 'n stadium was u ontbied of het u 'n oproep gekry om te gaan na 'n sekere raadslid se huis toe? -- Dit is korrek.

... / Ons

Ons is ontbied na raadslid Dhlamini se woning in Sharpeville.

HCF : Hoe laat was dit? -- Dit was om en by 11h00 die oggend gewees.

MNR. JACOBS : Is u dringend na daardie woonhuis toe? -- Dit is korrek. Ons het die berig ontvang dat die raadslid aangeval word.

Waar is die huis geleë? -- Dit is in Sharpeville geleë. Die nommer kan ek nie onthou nie.

Het julle by sy huis uitgekom? -- Dit is korrek. Ons het by sy woning uitgekom.

Kon julle vinnig daarso kom of nie? -- Nee, as gevolg van die padversperrings wat aangebring was, het ons 'n tydjie geneem om wel by sy woning uit te kom.

Hoe het julle die padversperrings oorkom? -- Ons het die padversperrings oorkom deur dit te verwyder en plek-plek bo-oor van die padversperrings te gery het.

Toe julle by sy huis gekom het, wat vind julle toe? -- Ek het gevind dat 'n groep van plus-minus duisend Swartes in die straat voor die raadslid se woning saamgedrom het.

As u sê die groep het daar saamgedrom, waaruit het die groep bestaan? -- Die groep het bestaan uit Swartvrouens, -mans en -kinders.

GETUIE STAAN AF.

HCF VERDAAG TOT 23 APRIL 1986.

- - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**


### LEGAL NOTICES:


**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-10-68**
*Document Title:-* **Vol 68 p 3554-3622. Witnesses: Viljoen, Coetzee, Riekert & Bruyns**